

HOOFTUK III.

DIE BEGIN VAN DIE ONTEVREDENHEID MET DIE  
ONDERWYS 1891 - 1896.

1. Die Nuwe Superintendent.

(a) Toestande voor sy Koms.

Toe die heer H. Stiemens gevra is om as Superintendent van Onderwys te ageer vanaf 1 Februarie 1888m was hy 'n man van ongeveer sewe-en-sestig jarige leeftyd.(1) Alhoewel hy nie meer jonk was nie, het hy sy taak aangepak en ywerig probeer om die onderwys te bevorder.

Na die vertrek van ds. Du Toit het daar 'n laksheid ingetree, met die gevolg dat daar selfs onder die burgers ontevredenheid oor die onderwys ontstaan het.(2) Stiemens moes sukkel met 'n ervenis wat aan hom nagelaat is, waaraan hy weinig kon doen ter verbetering. Die burgers het begin onrustig voel, en die ontevredenheid teenoor die onderwys het gegroei en met die Volsraadsitting van 1889 tot 'n uitbarsting gekom. Daar is opgemerk hoe maklik uitlanders subsidie ontvang het, hoedat geen behoorlike kontrole oor onderwys uitgeoefen is nie, en daar is gevoel dat die Regering moes optree en die onderwys op 'n gesonde voet plaas.(3) Op 20 Mei 1889 het S.W. Burger 'n mosie ingedien om die onderwyswet van 1882 so te wysig dat dit doeltreffender sou word.(4) Op 29 Mei 1889 is verbeteringe aanbeveel wat gehandel het oor groter aanmoediging/

(1) a. Inventarisasie R 1013/88 by R 493/88, S.J. du Toit en H. Stiemens - Regering, 31 Jan. 1888.  
b. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 60.

(2) Pells: The Story of Education in S.A., 59.

(3) Ploeger: Op cit.

(4) Ibid.

moediging aan gekwalifiseerde onderwysers; (1) 'n beter reëling i.v.m. die inspeksie van skole (2) en 'n verandering in die bepalings van die opleidingskool sodat hierdie inrigting aan sy doel sou beantwoord. (3)

Stiemens het in sy onderwysverslag bekend gestel hoe skole nie op die wet van 1882 gelet het nie en tog subsidie ontvang het. (4) Nadat die onreëlmatighede bespreek is, is die onderwysverslag aangeneem, maar die Regering se oë is oopgemaak vir die tekortkominge en in alle erns is beplan om die slegte erfenis van die Du Toit regime uit te wis.

Stiemens het werklik gepoog om sy beste te lewer en in 'n poging om die onderwys te verbeter, is twee inspekteurs, C.G. de Jonge (F.zn.) en J. Dyksterhuis, aangestel; gevvolglik is gedurende die jaar 1889 amper al die skole in die Republiek wat staatsondersteuning geniet het, geïnspekteer. (5) Toe die onderwysverslag van die jaar 1889 ter bespreking aan die Volksraad ingedien is, is duidelik aangetoon dat die algemene peil van ontwikkeling van die skoolgaande jeug te laag was, derhalwe moes die wet van 1882 hersien word. In sommige skole wat ondersteuning geniet het, was Engels nog op die voorgrond. Die skole van Johannesburg kon as suiwer Engels, sover dit die medium betref, beskou word. (6) Die Volksraad het die waarnemende Superintendent en sy inspekteurs bedank vir die/

(1) a. Onderwysverslag oor 1888, 7 en bylaag C, 34.  
b. Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 311, 29 Mei 1889.

(2) Onderwysverslag 1888, 6.

(3) Not. V.R. Art. 292, 29 Mei 1889.

(4) Not. V.R. Art. 375, 6 Junie 1889.

(5) a. Onderwysverslag 1889, 4.  
b. Malherbe: Education in South Africa, 268.

(6) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 63.

die poging wat hulle aangewend het om sake te verbeter.(1)

Die Volksraad het besef dat 'n nuwe Superintendent van Onderwys aangestel moes word, een wat 'n beleid kon formuleer en uitvoer. Prof. Mansvelt van die Victoria-kollege, Stellenbosch, is op 9 Februarie 1891 genader om die betrekking te aanvaar,(2) maar hy het die aanbod van die hand gewys daar hy nie tevrede was met die besoldiging en diensvoorwaardes nie.(3) Mansvelt is weer genader en op 4 Augustus 1891 is 'n brief insake die aanstelling aan hom gerig. Die gevolg was dat hy die keer geantwoord het dat hy bereid was om die betrekking te aanvaar, en dat hy in Oktober 1891 sou aankom.(4)

Terwyl die Regering met Mansvelt onderhandel het, is Stiemens se onderwysverslag vir 1890 in die Volksraad bespreek. Saam met die waarnemende Superintendent is die skole geïnspekteer deur die inspekteurs C.G. de Jonge, H.F. Keet en J. Nieuwenhuize, wat gedurende die jaar benoem is.

Die verslag het aangedui dat heelwat skole op die Witwatersrand nie aan die taalregulasie van die onderwyswet van 1882 voldoen het nie.(5) Na 'n warm besprekking het raadslid S.W. Burger gesê dat Stiemens, vanweë sy liggaamlike onvermoë en vakkundige onbevoegdheid geensins in staat was om sy pligte na te kom nie. Hy het daarop aangedring dat 'n ander superintendent benoem moes word en dat die onderwyswet daarna gewysig moet word, sodat dit doeltreffend/

(1) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R, 63.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) R. 11361/91, Prof. N. Mansvelt - Staatsekretaris, Stellenbosch, 10 Sept. 1891.

(5) Onderwysverslag 1890. Inspeksie 187 (Turffontein) ook 96 - 99.

doeltreffend sou wees.(1) Die gebruik van Engels het heelwat bespreking uitgelok, derhalwe is gevoel dat die onderwys van die Republiek so ingerig moes word dat die burger teen die buitelandse invloed staande moes kon bly.(2) Volgens R.K. Loveday (Barberton) en C.J.A. Berkenstock (Vryheid) is die Christelike aspek van die onderwys vol-doende gehandhaaf en uitgevoer, maar die wetenskaplike vorming het glad nie aan die eise voldoen nie. Verder moes strenger beheer in verband met die uitbetaling van subsidies uitgeoefen word sodat die geld toegstaan vir onderwys, goed bestee word. Ook het hulle geëis dat 'n nuwe superintendent aangestel moes word.(3)

Terwyl die Volksraad gesit het, het „The Star" kritiek op die huidige stelsel gelewer, asook aanbevelings hoe sake verbeter kon word. Die koerant het aangedui dat die onderwysorganisasie van die hele Republiek in 'n benarde toestand verkeer en die euwels nie uitgewis kon word deur die stigting van skole vir doofstommes en mynStudies nie. In Johannesburg is daar honderde ouers wie se kinders Engelssprekend is en vir wie voorsiening gemaak moes word.

Van die Regering kon nie verwag word om skole met Engels as voertaal te subsidieer nie; skole wat poog om Hollands as vak te onderrig, behoort subsidie te ontvang, as hulle kon toon dat die leerlinge die nodige bevoegdheid besit. Hier het blykbaar die gevoel tot uiting gekom dat die Regering nie die onderrig aan die kinders van uitlanders wou aanmoedig nie. Op daardie tydstip het ouers (wat dit kon bekostig) hul kinders na die Kolonie of elders gestuur/

(1) Not. V.R. Art. 61, 15 Mei 1891.

(2) Ibid.

(3) Ibid., Art. 64.

gestuur om onderrig te ontvang.(1)

(b) Prof. Mansvelt Aanvaar sy Nuwe Betrekking.

Op 10 Oktober 1891 het Nicolaas Mansvelt sy amp as Superintendent van Onderwys aanvaar.(2) Terwyl Mansvelt sy opleiding in Holland geniet het, is hy deur bemiddeling van ds. F. Lion Cachet as dosent vir moderne tale aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch aangestel waarheen hy in 1874 vertrek het.(3) Aan die kollege het hy Nederlands, Frans, Duits, Engels, Suid-Afrikaanse en algemene geskiedenis, aardrykskunde, fisiologie en boekhou gedoseer. Daar het hy hom vir die behoorlike gebruik van Nederlands bewyer.

Na sy aankoms het hy hom met die werkzaamhede van die Onderwysdepartement op hoogte gestel, en met die toestand van die onderwys in die Republiek in die algemeen. Daarna het hy 'n reis deur 'n deel van die Republiek onderneem om persoonlik te sien hoe die jeug onderrig ontvang en die wet toegepas word.(4) Hy het hom ten doel gestel om die onderwys so in te rig dat: "de opvoeding van de kinderen des volks moe beantwoorden aan de verhoogde eischen door den tegenwoordigen tijd gesteld, en dat dus het opgroeïend geslacht moe worden opgeleid tot ontwikkelde christelijke mannen en vrouwen, die het erfdeel hunner vaderen met kennis en wijsheid zullen kunnen behouwen, bewerken en bestuur."(5)

Tydens sy inspeksiereis het hy opgemerk dat die  
ouers/

(1) Star, 2 Mei 1891..

(2) Ploeger: Onderys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 147.

(3) Ibid., 144.

(4) Onderwysverslag 1891, 4 - 5.

(5) Ibid., 5.

ouers min vir die onderrig van hul kinders doen, terwyl die Regering, deur middel van subsidie, die las dra. Hy kla in sy onderwysverslag oor die armoede van hul ouers sodat hulle nie skoolgelde kon betaal nie, terwyl ander wat wel kon, onwillig is. Geboue en leermiddels het hy as ondoeltreffend beskou. Hy besef dat die Republiek nou so vinnig ontwikkel, dat maatreëls getref sal moes word om die toekomstige burgers van die Republiek in staat te stel om hul plek in te neem naas die ontwikkelde uitlanders, wat die land binnestroom.(1) Hy vind dat baie onderwysers onbevoeg is om hulle van hul ernstige taak te kwyt en dat Engels 'n onregmatige plek in die skole inneem.(2) Bewus van al die tekortkominge het hy 'n beleid geformuleer waarvan die doelstelling was om die wet te verbeter, sodat onderwys met rasse en skrede vooruit sou gaan.

(c) Formulerung van sy Beleid: 'n Toespraak gehou op 16 Desember 1891 te Paardekraal.

Professor Mansvelt is genader om 'n toespraak te hou op Paardekraal op 16 Desember 1891, tydens die tienjarige jubelfees van die herstel van die Republiek en die 55ste jaarlikse fees om die slag van Bloedrivier te herdenk. In die toespraak het hy onder andere melding gemaak van die groot skare ontwikkelde en energieke buitelanders wat die grense van die Republiek oorstroom. Die jeug sou op so 'n wyse moet onderrig word, dat hulle opgewasse kon wees teenoor die buitlander, anders sou hulle die werklui word. onderwys sou moet verbeter word met die doel in sig. Om die euwels te bestry wat met die komst van die buitlander ontstaan het, is 'n onderwysbeleid nagestreef, gegrond op Gods Woord, op die geskiedenis en die oorlewering van ons volk/

---

(1) Onderwysverslag 1891, 8.

(2) Ibid., 10.

volk, op die aard en die sedes van die Boerenasie. Taal en volk is een begrip en om 'n stelsel van onderwys op te stel vir die Republiek vereis dat naas die godsdienstige onderwys wat die kind geniet, hy grondig onderrig moes word in sy moedertaal, omdat alleen deur die onderrig in en deur die moedertaal die menslike gees op die natuurlikste en geleidelikste wyse ontwikkel kon word.(1) Dit is sy ideaal van Christelik-Nasionale onderwys. Hy het verder aangetoon dat baie Afrikaners hul sedes, godsdiens, taal en nasionaliteit vir goud of eie voordeel verloën het en die ou standvastige geslag begin uitsterf het, sodat 'n poging aangewend moes word om die saak te beredder.

Hy het meer nadruk gelê op die feit dat nie alleen die moedertaal in die eerste plek grondig geleer moes word nie, maar ook dat die onderwys ingerig moes word om aan die eise van die tyd en toekoms van die leerlinge te voldoen. Sy mening was ook dat onderwysers uit die kinders van die volk moes kom, wat derhalwe die eienskappe van die volk dra en aan wie die opleiding van die opgroeiende geslag toevertrou kon word.

'n Ander taal kan wel deur die Afrikaner geleer word, maar dit moet nie ten koste van sy eie selfstandigheid en nasionaliteit geskied nie.(2)

Mansvelt het ruim sewentien jaar in Suid-Afrika gewerk, dus het hy die probleme gesien en het hom gevoglik geskaar by die beleid van die Republiek naamlik: my taal en my volk kom eerste. Hieruit blyk dat die uitlander hom hoofsaaklik in Johannesburg gevestig het, sodat Mansvelt se grootste stryd sou wees teen die skole van Johannesburg, want die invloed van die uitlander sou in die/

---

(1) De Volkstem, 7 Januarie 1892.

(2) Ibid., 2 Januarie 1891.

die stad die grootste wees.

(d) Mansvelt se Beleid en Ideaal.

Professor Mansvelt se taak was van tweërlei aard. Hy moes, om tot tasbare resultate te kom, eers die slegte erfenisse van sy voorgangers opruim en daarna stewige grondslae vir die stelsel lê, waarvan sy voorgangers 'n mislukking gemaak het.(1)

Sy toer het aangedui waar die verrotting in die onderwysstelsel was en met dié kennis het hy hom toegespits om sy ideaal te verwesenlik.

Almal het nie met sy ideaal van Christelik-Nasionale onderwys saamgestem nie. Ploeger maak melding van die beleid van samesmelting wat onder sekere Afrikaners geheers het, bv. J.J. Burger, voorsitter van die Tweede Volksraad wat saam met generaal P.J. Joubert 'n beleid van samesmelting voor oë gehad het nl. om 'n groot S.A. Republiek van Kaap tot Sambesie te laat ontstaan. Hoofregter J.G. Kotze het die burgers aangeraai om met die buitelanders saam te werk, sodat hulle ook getroue burgers van die land kon word.(2)

Mansvelt het dus van die staanspoor hom daarvoor beywer om 'n onderwysstelsel te skep wat in die eerste plek christelik van aard is, en wat hom tweedens van die moeder-taal sou bedien.

Baie van die Afrikaners, hoofsaaklik die wat van die Kaap-Kolonie gekom het, het hulle in Johannesburg gevestig en hulle het in samewerking geglo. Selfs die volksraadsverteenwoordiger, Jeppe, het in konsiliasie geglo en die meeste van die onderwysers wat Hollands as voertaal in/

---

(1) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 720.

(2) Ibid., 152 - 153.

in hul skole gebruik het, het van die Kolonie gekom en het die uitlander nie met sulke vrees bejeën as die burger van die Republiek nie.

(e) Mansvelt se Onmiddellike Taak.

Soos reeds vermeld, het Mansvelt die Departement van Onderwys in wanorde gevind. Stiemens was nie jonk nie en het miskien nie die organisasie behartig soos deur die Volksraad verlang is nie. Hy het baie foute van die skole, hoofsaaklik waar daar nie aan die onderwyswet voldoen is nie, deur die vingers gesien omdat sy voorganger dit ook gedoen het.(1)

Mansvelt het onmiddellik 'n poging aangewend om die departement te reorganiseer. Hy het eerstens die inspekteurs opdrag gegee om te sorg dat die bepalings van die wet van 1882 sorgvuldig nagekom word en om geen enkele afwyking te duld nie. In die vorige hoofstuk is gelet op die weiering van staatsteun aan die skole van Darragh as gevolg van die optrede.

Om te sorg dat hy behoorlike kontrole oor die skole kon hê, is meer inspekteurs, J.K.M. te Bockhorst en F.P. Crots vir benoeming voorgedra.(2)

Die inspekteur Crots wat op die Witwatersrand moes optree, is gemaan om stiptelike nakoming van die onderwyswet te eis en te sorg dat Engelse skole wat ondersteuning geniet, aan die bepaling insake voertaal voldoen. Hy kon die skole wat die wet oortree het 'n maand kans gee om verbetering/

(1) a. 'n Konkordat tussen Darragh en S.J. du Toit mondelings gereël het staatstoelae aan skole met Engels as voertaal beskikbaar gestel:  
Star, 7 April 1892.

b. LA 95, Afd. D, J.T. Darragh - dr. W.J. Leyds,  
9 April 1892.

(2) a. R 5026/91, Supt. van Onderwys - Staatsekr., 10 Nov. 1891.  
b. Malherbe: Education in South Africa, 275.

verbetering aan te bring.(1) So is heelwat skole van hul subsidie ontneem.

Die kantoor van die Superintendent van Onderwys is in orde gebring sodat daar orde in die dokumente van die departement kom, en alle inkomende en uitgaande brieue gekontroleer is. Waar 'n onderwyser soms vroeër twee of drie keer aansoek om erkenning moes doen, kon die Onderwysdepartement nou geen verskoning aanvoer dat hulle nog nie kennis dra van sy skool nie.

Deur op moontlike uitgawes te let het Mansveld die finansies van die departement so bestee dat net skole wat aan die wet voldoen, hul subsidies sou ontvang.(2) Ons noem weer hier die Perserveranceskool onder die bestuur van J.T. Darragh wat geldelike ondersteuning ontvang het vir die onderrig van nie-blankes.

Darragh het voor sy uittrede met ds. S.J. du Toit 'n ongeskrewe ooreenkoms gesluit, waardeur Engelse skole, wat onderrig in die Hollandse taal gee, ook subsidie kon ontvang.(3)

Om die onderwys op gesonde grondslag te bring, is, nadat die rapporte van die inspekteurs ontvang is, Engels in standerds I en II verbied en in die hoër standerds vertaaloeufening van Engels na Hollands aangemoedig. Ook moes meer tyd aan die geskiedenis en aardrykskunde van die Suid-Afrikaanse Republiek gewy word.(4)

Om te toon met hoeveel erns Mansveld sy taak om die onderwys op 'n vaste grond te plaas, aangepak het, is daar in/

(1) OD 220, Sekr., Dept. van Onderwys - F.P. Crots B.A., 3 Feb. 1892.

(2) Pells: The Story of Education in South Africa, 60.

(3) a. L.A. 95, Afd. D, J.T. Darragh-dr.W.J. Leyds, 9 Apr. 1892.  
b. Standard and Diggers News, 7 April 1892.

(4) OD 224, Supt. van Onderwys - Inspekteurs, 5 Mei 1892.

in die voorlopige begroting in 1892 £64,000 vir onderwys aangevra, byna veertien keer soveel as S.J. du Toit in 1882 aangevra het.(1)

Vir die leiding van onderwysers en skoolkommissies is die "Schoolgids" in die lewe geroep, sodat hulle kennis kon dra van wat van hulle verwag word.(2)

Die grootste taak dus wat op die skouers van Mansveld gerus het, was die wysiging van die onderwyswet van 1892 sodat die wet doeltreffend kon wees.(3)

## 2. Nuwe Wetgewing, 1892.

### (a) Onderwys onder die Soeklig.

Alhoewel Du Toit daarna gestreef het om sy werk behoorlik te doen, moes hy ook as inspekteur van skole optree. Na sy aanstelling het die aantal skole toegeneem. Hy kon nie alles behartig nie. Sonder hulp moes hy skole deur die lengte en breedte van die Republiek inspekteer, sonder trein, sonder een enkele brug en met onrybare paaie, om nie van die kantoorwerk te praat nie.(4) Hy kon nie die werk behartig nie, en alhoewel predikante gevra is om hom met die inspeksie by te staan, het die skole merendeels hul eie gang gegaan. Stiemens moes die onmoontlike taak aanvaar, nl. om die skole die wet van 1892 te laat gehoor-saam. Hy het saam met die inspekteurs, wat in 1888 aange-stel is, gepoog om die skole behoorlik te inspekteer. In sy onderwysverslae van 1889 - 1890 het hy die onreëlmatic-hede aangedui, sodat met die bespreking van die rapporte deur/

(1) OD 222. Afskrif van O.R. 129/92, ged. Febr. 1892.

(2) Malherbe: Education in South Africa, 267.

(3) Hoogenhout: De Wetgeving op het onderwijs in de Z.A. Republiek (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 59.

(4) Frowein: Centrale Administratie (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 138.

deur die Volksraad gevoel is dat kragdadiger opgetree moes word. Weens sy hoë ouerdom het dit te veel van sy kragte gevorg, en kon hy sy taak nie na behore uitvoer nie.

Reeds op 20 Mei 1889 is in die Volksraad voorgestel dat die onderwyswet van 1882 gewysig moes word.(1) 'n Paar dae daarna is die vraagstuk aangeroer en is o.a. voorgestel dat groter aanmoediging aan gekwalifiseerde onderwysers gegee moes word(2) en dat daar beter inspeksie van skole moes plaasvind.(3)

Toe Stiemens in Junie duidelik maak hoe bedrog gepleeg is om subsidie van die staat te ontvang en hoe teen die wet gesondig is in soverre dit die medium betref, is die oë van die burgers oopgemaak en planne is beraam om die onderwysstelsel op vaste en gesonde voet te plaas.(4)

Met die aanstelling van die nuwe inspekteurs het verbetering ingetree, maar daar is gevind dat nog teen die onderwyswet gesondig word, terwyl die standaard van die onderrig van 'n lae peil was.(5)

Die onderwysverslag vir 1890 het aangedui dat die gebreke nog voortgeduur het, hoofsaaklik die gebruik van Engels op skole.(6)

#### (b) Konsepwet, 1891.

Op 22 Junie 1891 is aan Stiemens opgedra om sekere wysiging/

(1) Not. V.R. Art. 137, 20 Mei 1889.

(2) a. Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 311, 29 Mei 1889.  
b. Onderwysverslag 1888, 7 en bylaag C, 3<sup>4</sup>.

(3) Onderwysverslag 1888, 6.

(4) Not. V.R. Art. 397, 12 Junie 1889.

(5) a. Not. V.R. Art. 33<sup>4</sup>, 10 Junie 1890.  
b. Not. V.R. Art. 350, 11 Junie 1890.  
c. Not. V.R. Art. 358, 12 Junie 1890.

(6) Onderwysverslag oor 1890:  
Inspeksies van skole in Johannesburg.

wysigings in die bestaande wet te bring.(1) Op 3 Julie 1891 het hy die veranderings wat wenslik geag is by die Uitvoerende Raad ingedien.(2) Die verandering is bespreek, maar nadat die Raad in kennis gestel is dat prof. Mansveld benoem is, is besluit dat die wysigings eers met hom bespreek moes word.(3) Mansveld het na sy aankoms dan ook die konsepwet opgestel met die hulp van die Sekretaris van Onderwys en W. Louis en op 30 Januarie 1892 is die volledige konsepwet, wat uit 78 artikels bestaan het, in die Staatscourant bekend gemaak. Daarna is die wet sowel as die memories van die burgers insake die wet in die Volksraad bespreek.

Artikel 29 van die konsepwet het betrekking op die inwoners van Johannesburg gehad en ons siteer dit in sy geheel: „In scholen waar minstens drie vierde der leerlingen kinderen van niet Hollands sprekende ouders zijn, heeft de Superintendent het recht toe te staan, dat hij het onderwijs in de verschillende leervakken, bepaald in standaarden I, II en III van het Lager Onderwijs, van een andere dan de Hollandsche taal en van in die andere taal geschreven leerboeken gebruik gemaakt worden, op voorwaarde echter, dat in den eersten standaard iederen schooldag minstens een uur aan het leeren van en in de Hollandsche taal gewijd zal worden, in den tweeden standaard twee uuren, en dat in standaard III gedurende minstens de helft van den door de wet bepaalde schooltijd de Hollandsche taal het medium van onderwijs zal zijn, terwijl de Regeering tevens verwacht dat ook in de uuren, waarin het onderwijs door middel van een vreemde taal is vrijgelaten de onderwijzers steeds,

(1) R 5570/91, Staatsekretaris - Waarn. Supt. van Onderwys, 22 Junie 1891.

(2) R 5570/91, Waarn. Supt. van Onderwys - Staatsekretaris, 3 Julie 1891.

(3) Not. V.R. Art 1271, 4 Aug. 1891.

steeds door vertolking de leerlingen met de Hollandsche termen en benamingen der onderwezen vakken zullen bekend maken. In de vakken, waarbij men zich van een vreemde taal als het medium van onderwijs bedient, mogen ook leerboeken, in de vreemde taal geschreven, gebezigd worden."

Hier het die Superintendent sekere toegewings aan die uitlanders gedaan, sodat hulle ook met bystand van Regeringsweë aangemoedig kon word om die landstaal aan te leer.

(c) Behandeling van die Wet deur die Volksraad.

'n Kommissie is op 5 Mei 1892 deur die Volksraad benoem om die konsepwet en die ingediende memories na te gaan en hulle bevindings aan die raad bekend te maak. Die kommissie, bestaande uit J.P. Meyer (voorsitter), L.J. Meyer, L. de Jager, J. du P. de Beer en J. Malan, het met die sekretaris, W.J. Gearling, die eerste vergadering 9 Mei 1892 in die presidentshuis gehou. Prof. Mansveld het die verrigtinge bygewoon om vrae te beantwoord.(1) Nadat die wet en die memories bespreek is, is deur die Superintendent van Onderwys daarop gewys dat die toegewings in Art. 29 groter is as wat in Kaapland aan Nederlands toegeken is, waar selfs geweier is om Hollands as 'n eksamenvak te erken; maar dat die taal op die platteland onderrig kon word, dog geensins in die dorpskole nie.

Die bespreking van die Artikels het gevlot. Artikel 29 is egter verander, waarby aan skole met kinders van vreemdelinge gedurende 'n aantal jare, nadat die wet in werking getree het, 'n sekere bedrag per leerling betaal sou word. Die subsidie sou van die kennis van die lands-taal, wat die kinders besit, afhang. Die subsidies sou

vir/

---

(1) E.V.R.R. 906/92. Die verslag van die verrigtings verskyn in die lêer.

vir leerlinge van standerd I, 'n derde wees, van standerd II, iets meer en van standerd III, die helfte van die gewone subsidie. Die oorgangsmaatreël sou nie in die konsepwet opgeneem word nie, maar sou as 'n aparte aanbeveling aan die Volksraad voorgeleë word. Die artikels is een vir een nagegaan, sodat die kommissie sy rapport kon indien. Die konsepwet en die rapport van die kommissie is op 24 Mei in die Volksraad voorgelees.(1) Bespreking het gevolg oor die toekenning van subsidies aan skole.(2) As ouers wou hê dat hul kinders 'n vreemde taal moes aanleer, kon dit buite skoolure geskied.(3) Eers moes die kragte ingespan word om die eie nasionaliteit en taal te bewaar. Die wet is finaal op 2 Junie 1892 goedgekeur en met enkele wysiginge het hierdie wet tot die Anglo-Boere oorlog van krag gebly.(4)

(d) Die Onderwyswet No. 8 van 1892.

Die nuwe wet berus op dieselfde grondslag as die van 1882, maar sit die artikels van die vorige wet net duideliker uiteen, sodat alle wanpraktyke met die instelling van die nuwe wet sou verdwyn. Plaaslike inisiatief van die ouers was aan die orde van die dag, gesteun deur 'n milde bydrae van die Staat. Die Departement van Onderwys het wel die hef in die hand gehou, deur in Artikel 24 te eis dat die medium Hollands sou wees.(5) Aan die vereiste is nie altyd voldoen nie. Skole met Engels as voertaal bv. die skole van Darragh, kon subsidie ontvang onder die

Du Toit/

(1) Not. V.R. Art. 251, 24 Mei 1892.

(2) Not. V.R. Art. 257, 24 Mei 1892.  
(Art. 3 van Konsepwet.)

(3) Not. V.R. Art. 288, 27 Mei 1892.  
(Art. 25 van Konsepwet.)

(4) Hoogenhout: De Wetgeving op het Onderwijs in de Z.A.R.  
(V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 59.

(5) Ibid.

Du Toit-wet.(1) Om wel vir die kinders van vreemdelinge te sorg, is daar volgens die besluit van die Volksraad van 4 Junie 1892, subsidie aan skole betaal waar die voertaal Engels is, mits hulle Hollands in hul skole onderrig en aan sekere eise voldoen.(2) Die besluit sou 'n tydperk van drie jaar duur.

(e) "Besluitscholen".

Volgens Besluit No. 344 van 1 Junie 1892 kon die Eerste Volksraad aan skole, waar die voertaal nie Hollands is nie, toelae toeken wat van £5 tot £10 per leerling gewissel het as hulle voldoen het aan die eise nl. om minstens 5 uur per week aan Nederland en Suid-Afrikaanse geskiedenis te bestee.(3) 'n Gekwalifiseerde onderwyser, bevoeg om die vakke te onderrig, moes in diens geneem word. Die meeste van die skole het nie aansoek om die subsidie gedoen nie, daar die getal leerlinge in die skool wat Hollands sou leer, nie die verskaffing van 'n Hollandse onderwyser sou regverdig nie.

Baie van die Engelse skole wat probeer het om die subsidie te verkry, het nie aanhoudend aansoek gedoen nie, omdat 'die subsidie uitbetaal is na inspeksie en volgens die standaard deur die leerlinge bereik.(4)

(f) Invloed van die Wetgewing.

Die wetgewing van 1892 het verreikende gevolge vir Johannesburg meegebring soos te bespeur is in die nadere beskouing van die skole.

As/

(1) Hoogenhout: De Wetgeving op het onderwijs in de Z.A.R. (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 61.

(2) Ibid.

(3) Locale Wetten DI 1890 - 1893, 603 - 604.

(4) Pells: The Story of Education, 61.

As die Superintendent van mening was dat daar voldoende skole in 'n dorp is om aan die plaaslike behoeftte voorsien, sou geen ander skool of skole gesubsidieer word nie, tensy grondige rede vir die oprigting van so 'n skool aangevoer kon word.(1) Die bevolkingsyfer in Johannesburg kon nie behoorlik bepaal word nie, want niemand het geweet presies wat die bevolking van Johannesburg was nie. Die artikel het die opening van klein skooltjies verhoed, sodat die reeds bestaande skole kon groei en bloei.

Die toekenning van subsidie het van die skoolgeld afgehang wat deur die skool ontvang word.(2) Daar is egter nie rekening gehou met die armoed wat in Johannesburg geheers het nie, nie soseer onder die uitlanders nie, maar wel onder die Hollandssprekendes. Baie van die skole het staat gemaak op die verhoogde toelae vir gratis-kinders, wat die skool gehelp het om staande te bly. Die kanse om behoorlike subsidie te ontvang, is nou verminder.

Daar moes nou verslag gedoen word van hoe geld, wat deur die skool ontvang word, hetsy subsidie, hetsy skoolgeld, bestee is.(3) Voorheen is min van die geld aan die verbetering van die skool of lokaal bestee, daar dit as besoldiging vir die personeel aangewend is.

Wat die taal betref, moes alleenlik Hollands as voorstaal gebruik word.(4)

Leerboeke moes in die Hollandse taal geskryf wees. In die Suid-Afrikaanse Republiek was daar min boeke wat in Hollands geskryf is wat vir onderwysdoeleindes gebruik kon word./

(1) Wet No. 8 - 1892 goedgekeur 2 Junie 1892, Art. 362, Art. 10.

(2) Ibid., Art. 176.

(3) Ibid., Art. 21.

(4) Ibid., Art. 24.

word. Die soektog na geskikte boeke kon die onderwys derhalwe nie onmiddellik aanhelp nie.(1)

Onderwysers moes nou gekwalifiseerd wees, wat die dae van die rondgaande onderwyser tot 'n einde gebring het. As daar voldoende gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar was, sou dit moontlik wees, dog soos sake gestaan het, het die artikel tot die sluiting van heelwat skole geleid.(2)

Alle onderwysers moes lid van 'n Protestantse Christelike kerk wees.(3) Hier ook is die skole van die kosmopolitiese Johannesburg beïnvloed, want lede van die Rooms-Katolieke kerk en die Jode sou geen ondersteuning ontvang nie.

Om die kinders van nie-Hollandssprekende ouers aan te moedig om Hollands aan te leer, is op Woensdag, 1 Junie 1892 'n besluit geneem om staatstoelae aan skole toe te staan, wat nie Hollands as medium het nie, mits hulle die Hollandse taal deur goedgekeurde onderwysers in hul skole laat onderrig. Vir die subsidie kon alleen kinders van vreemdelinge, wat die landstaal nie magtig was nie, in aanmerking kom.(4)

Die subsidie is net twee keer per jaar na inspeksie uitbetaal.

Die maatreël is slegs as 'n oorgangsmaatreël beskou en sou drie jaar van krag wees.

Toe die wet in 1893 gewysig is, is daar 'n subsidie aan werklik behoeftige kinders toegestaan.(5)

(g) Die/

(1) Wet No. 8 van 1892 goedgekeur, 2 Junie 1892, Art. 28.

(2) Ibid., Art. 29.

(3) Ibid., Art. 33.

(4) Art. 8 van Besluit 344 van 1 Junie 1892.

(5) Wysiging van Art. 18. Zijnde wijsiging van Wet Nr. 8, 1892 geteken deur S.J.P. Kruger en dr. W.J. Leyds, gedateer 25 Aug. 1893.

(g) Die invloed van die wet op Johannesburg.

Die wet het op 1 Januarie 1893 in werking getree en was bedoel vir die ou gevestigde bevolking, sowel as die wat van voornemens was om die amptelike taal van die Z.A.R. te beskerm en voort te plant.(1) Vir die vreemdelinge, wat nie aan die wet wou voldoen nie, is op 4 Junie 1892 'n spesiale besluit geneem wat hulle sou aanmoedig om die landstaal in hul skole te laat onderrig. As die proef-neming slaag, sou die besluit na drie jaar verval.

Die voordeel van die wetgewing het in die feit geleë dat skole, waar die voertaal Engels was, wel staatsondersteuning sou geniet as hulle Hollands as vak onderrig. Vervolgens het die meeste van die skole in Johannesburg subsidie van die staat ontvang.

Die onmiddellike nadele van die wetgewing kon soos volg opgesom word: Skole wat nie aan wet No. 8 van 1892 kon voldoen nie, het geen subsidie ontvang nie. Private skole soos Marist Brother's, 'n Rooms-Katolieke skool, wat subsidie onder die Du Toit-regime ontvang het, het nou geweier om Hollands te onderrig, daar hulle geen staatsteun kon ontvang nie. Baie ouers, hoofsaaklik die van Afrikaanssprekende kinders, het nie besef hoe nodig opvoeding in die tyd was nie, met die gevolg dat nog minder kinders as voorheen die skole besoek het. Sekere skole is genoodsaak om te sluit daar hulle nie 'n subsidie van die staat kon ontvang nie.

Onderwysers moes kwalifikasies besit, en baie van die onderwysers wat voor die intrede van die wet diens gedoen het, moes binne 'n jaar 'n onderwysersertifikaat bekom, of die subsidie prysgee.

Burgers/

---

(1) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 206.

Burgers in Johannesburg het min steun aan skole verleen, terwyl die uitlanders gestreef het om goeie skole te stig. Ons dink aan die vordering van die „Marist Brother's School,” „St. Mary's College” en „Cleveland High School for Girls.”

### 3. Reaksie in 1892.

#### (a) Optrede van die Onderwysdepartement.

(i) Die Inspeksie van 1892. Toe F.P. Crots aan die begin van 1892 sy inspeksie begin het, het hy uit die staanspoor die wet van 1882 stiptelik toegepas en subsidie is geweier van elke skool wat nie aan die eise kon voldoen nie.

Mansvelt, alhoewel hy sover ons kennis strek, nie 'n besoek afgelê het aan enige skool in Johannesburg nie, het vroeg na sy diensaanvaarding besluit om skole te beperk.(1) Hy wou graag goeie skole sien met gekwalifiseerde onderwysers en het nie kans gesien om die paddastoel-skooltjies, wat hier en daar opgerig is, te ondersteun nie. Ons voel dat hy nie kennis gedra het van die snelle groei wat daar plaasgevind het nie, want hy skryf aan die Staatssekretaris dat huidige skole op die dorpe deur 'n ongemotiveerde vermeerdering van hul aantal bedreig word. Hy sou dit op prys stel as die Regering besluit om geen vermeerdering van die aantal dorpskole toe te laat nie, alvorens hy oortuig is dat die behoefté bestaan. Die beperking sal in die konsepwet bevat word.(2) Die beperking is deur die Regering toegelaat.(3) Na Crots met sy inspeksie/

(1) a. OD 222, N. Mansvelt - Staatssekretaris, 5 Jan. 1892.  
b. OD 223, G.A. Ode - F.P. Crots, 24 Feb. 1892.

(2) Ibid.

(3) OD 223, G.A. Ode - F.P. Crots, 24 Feb. 1892.

inspeksie begin het, het hy bespeur dat baie skole subsidie ontvang, alhoewel hulle medium nie Hollands was nie. Hy is in kennis gestel dat as die hoof van die skool Engels is, en daar net een Hollandse onderwyser aan die skool werksaam is, subsidie nie vir meer as dertig leerlinge betaal sou word nie, omdat daar vir een onderwyser nie meer as dertig leerlinge toeglaat is nie.(1)

Op aanvraag na verdere inligting is hy in kennis gestel dat Rooms-Katolieke skole en onderwysers ewe min aanspraak op subsidie kan maak.(2) Mansvelt het 'n rigting ingeslaan en wou nie daarvan afwyk nie. Hy sê verder: „Dat mijn voorganger of voorgangers het op zich geneem hebben, aan de zulken subsidie toe te kennen, trots wet en regel is niet mijn schuld: Ik ben geroepen om de wet te handhaven en bovendien heeft de Regeering mij speciaal gelast, de bestaande wet stipt toe te passen.”(3)

Crots het baie verskynsels in Johannesburg opgemerk en het tot sekere gevolgtrekking gekom, wat hom laat twyfel het of die staat reg is. Hy skrywe 'n paar dae later: „Wat mij zoo vreemd voorkomt is: 'Waarom kunnen Roomschen, Joden en Engelschen hunnen kinderen niet naar bestaande inrichtingen zenden waar beide talen even goed onderwezen worden; waarom moet er juist een afzonderlike school voor elke gezind te bestaan?'”(4)

Crots het met Ode, wat hoofsaaklik die korrespondensie gevoer het, gebots, want hy eis dat: „geene subsidie voor eenige school alhier uitbetaald zal worden, tensy door mij geinspecteerd en goedgekeurd. Deze is een der zetels/

(1) OD 223, G.A. Ode - F.P. Crots, 12 Feb. 1892.

(2) OD 223, 162/92 N Mansvelt - F.P. Crots, 15 Feb. 1892.

(3) Ibid.

(4) OD 13, F.P. Crots - N. Mansvelt, 20 Feb. 1892.

zetels van Mejuffrouw Bedriegerij dus moeten wij een wakend oog houdend."(1)

Dat Johannesburg moontlik nie altyd eerlik te werk gegaan het nie, is aangedui in die instruksie aan Crots dat hy voor elke inspeksie elke kind se naam hardop moet lees omdat sekere skole meer name op die registers het as leerlinge.(2)

Verder is besluit dat as 'n skool meer as dertig leerlinge het en net een Hollandse onderwyser, dan is die medium nie as Hollands beskou nie. Hiervolgens is beswaar gemaak teen die Fordsburg Publieke Skool, waar net die heer Herbst as Hollandssprekend beskou kon word.(3)

Crots het tot die gevolg trekking geraak dat die swak toestand wat in Johannesburg geheers het, aan die Onderwysdepartement toegeskryf moes word, want: „het Departement van Onderwijs (draagt) grootendeels de schuld zelf van den treurige toestand van het onderwijs alhier."(4)

Crots het gevind dat daar moontlik iets foutiefs is, dat skole subsidie ontvang vir kinders wat nie bestaan nie, want hy skryf dat: „de getallen van de aanwezige leerlingen maken bij de cijfers zulk een povere figuur tegenover dat van de leerlingen op de lijst dat er wel een bijzondere verklaring voor dat feit moet wezen om enigsins vertrouwen aan de waarheid van beide cijfers te kunnen schenken."(5)

So is dit duidelik merkbaar dat Mansvelt besig was om die saak te beredder. Die skole wat nie stip aan die wet/

---

(1) OD 13, F.P. Crots - G.A. Ode, 20 Feb. 1892.

(2) OD 223, G.A. Ode - F.P. Crots, 21 Feb. 1892.

(3) OD 223, G.A. Ode - F.P. Crots, 26 Feb. 1892.

(4) OD 12, F.P. Crots - G.A. Ode, 2 Maart 1892.

(5) OD 223, 303/92 G.A. Ode - F.P. Crots, 7 Maart 1892.

wet voldoen het nie, was op en om die goudveld en Crots het talryke probleme gehad om op te los. Die weiering van subsidie aan skole wat dit voorheen ontvang het, het net verdere ontevredenheid veroorsaak. Selfs Afrikaners wat die waarde van Engels in die goudstad besef het, is getref, sodat hulle ook hul ontevredenheid getoon het. Waar voorheen orals skole ontstaan het, mits so 'n skool-kommissie verantwoordelikheid vir die skool sou aanvaar, vind ons dat dit nou tot 'n einde gekom het. Klein skooltjies is nie aangemoedig nie, sodat skole nie in hul talle soos voorheen ontstaan het nie. Die ontevredenheid het geheers. Die kerke het nie van die voorstel gehou nie, want hulle wou waar nodig skole oprig. Mansvelt het vyande van die kerke gemaak, met die gevolg dat dit die saak belemmer het.

(ii) „Transvaal Teachers' Association.” Toe die konsepwet gepubliseer is, het daar konsternasie in Johannesburg geheers. 'n Vergadering van onderwysers, gereël op 30 Maart 1892, om die taalmedium te bespreek, het na 'n lesing van mej. Holmes-Orr van „St. Mary's College” geluister. Sy het die verdeling van die skooltyd in twee dele, sodat Engels en die landstaal albei volle regte geniet, as onprakties van die hand gewys.(1) Die volgende vergadering van onderwysers wat op 4 April 1892 plaasgevind het, is deur adv. Charles Leonard van die „National Union” toegespreek. Na 'n vurige toespraak het die onderwysers gevra om nie gebind te word wat ure, metode en voertaal betref nie, op voorwaarde dat hulle die inspekteur tevrede kon stel dat Hollands bevredigend onderrig word. Ook het hulle gevra om subsidies vir alle skole sonder uitsondering. Die middag is daar ook in die vergadering 'n besluit geneem om 'n petisie na prof. Mansvelt te stuur en 'n komitee is gekies/

---

(1) Standard and Diggers News, 5 April 1892.

gekies om die petitie op te stel.(1) Eienaardig genoeg, is die mense wat op die komitee gedien het, nie een regstreeks aan die onderwys verbonde nie. Hulle is mnre. Leonard, Hosken, Orr, dr. Exton, eerww. Hanes en Drew en mnre. Goch.

'n Vergadering is op 12 Mei 1892 belê, met die doel om 'n „Transvaal Teachers' Association" te stig, wat sou strewe om die onderwysers te beskerm. 'n Provisionele komitee is gekies om 'n konstitusie op te stel en het uit die volgende bestaan: die here Graham (Wesleyan Grammar School), C. Naude (Spes Bona), G.W. Hofmeyr (Opvoedingsinstituut), Sol. Bebro (Congregational Day School) en die mejj. Holmes-Orr (St. Mary'sskool) en Brown (Miss Brown's School). (2) Op 30 Mei is 'n vergadering belê om die reglemente van die nuwe onderwysersvereniging na te gaan en goed te keur. Een klousule wat ons tref, is dat geen kind deur 'n ander skool as leerling ingeneem sou word nie, tensy bewys gelewer kon word dat die skoolgelde verskuldig aan die vorige skool van die kind betaal is.(3) Die volgende persone is tot die eerste komitee van die vereniging gekies: -

President:	Eerwaarde Graham.
Visepresident:	Sol. Bebro.
Tesourier:	Mej. Holmes-Orr.
Sekretaris:	Geo. Hofmeyr.
Komitee lede:	Eerww. de Lacy, Perry, McClelland en mnre. Naude, Cillie, mevv. Hamer en Buckland en mej. L. Impey.(4)

#### (b) Skole in Johannesburg 1891 - 1895.

Na die snelle groei van skole gedurende die eerste jare van sy bestaan, het daar tydens die depressie minder skole/

(1) Standard and Diggers News, 5 April 1892.

(2) Standard and Diggers News, 13 Mei 1892.

(3) Standard and Diggers News, 2 Junie 1892.

(4) Standard and Diggers News, 2 Junie 1892.

skole tot stand gekom. In 1891 is daar spore van net vyf skole gevind wat geopen is naas die wat staande kon bly.

Mansveld was nie van plan om die minste skiet te gee nie, en nog voordat sy nuwe wet deur die Volksraad aangeneem is, het die heer F.P. Crots in Johannesburg drasties te werk gegaan. Baie skole is hul subsidie ontsê, terwyl ander tevrede moes wees om hulle as besluitskole te laat klassifiseer. Dit het beteken dat hul subsidie verminder is. Ontevredenheid het ontstaan, wat tot onluste aan die end van 1895 geleid het.

Maar die ontwikkeling van die skole gedurende die tydperk, word eers kortliks geskets, voordat die ontevredenheid van die inwoners van Johannesburg nagegaan word.

(i) Skole in Sentraal Johannesburg.

Opvoedingsinstituut. Die skool is in Johannesburg onder die leiding van James Nicol Campbell geopen. Hy is deur T.A. Dönges en vyf ander hulponderwysers bygestaan.(1) Die eerste inspeksie het aangedui dat drie-en-tagtig leerlinge die skool bywoon en dat bevredigende werk gelwer word.(2) Die pasgestigte skool is toe nog in 'n huurhuis gehuisves, maar het gehoop om in 1891 hul eie gebou te betrek.(3) Die ou skoolgebou het langs die destydse pastorie van ds. Martins in Breestraat gestaan.(4) Die skool is ook deur die Ned. Herv. of Geref. Kerk beheer, daar die predikant, twee kerkraadslede en twee gemeentelede op die skoolkommissie gedien het.(5)

Subsidie/

(1) OD 8, Skoolkommissie, Opvoedingsinstituut - Supt. van Onderwys, 24 Nov. 1890.

(2) Inspeksieverslag 1890, Opvoedkundige Instituut, 95.

(3) Verslag van de gemeente Johannesburg opgetrokken en goedgekeurde op een Kerkraads vergadering gehouden op den 18de April 1892.

(4) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 488.

(5) Verslag.....(soos No. 3) 1892.

Subsidie is van die Regering ontvang totdat dr. Mansvelt Superintendent geword het: „That gentleman, under the belief that too much English, not too little Dutch, was taught in the school, withdrew the subsidy.”(1)

Intussen het die skool, wat £2,000 gekos het, 'n gebou op Von Brandisplein laat oprig wat toegerus was met die nuutste meubels en voldoen het aan die eise van 'n goeie skool.(2) Die skool het vanaf die begin van 1892 onder die beheer van Geo. M. Hofmeyr, B.A. gekom, bygestaan deur W.A. Hofmeyr, B.A. wat 'n goeie toekoms vir die skool voorpsel het.(3) Die heer G.M. Hofmeyr kan ook beskou word as een van die leiers van die „Transvaal Teachers' Association" wat op 12 Mei 1892 gestig is na 'n vergadering gehou in sy skoolgebou.(4)

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk het nie met die nuwe onderwyswet van 1892 akkoord gegaan nie, met die gevolg dat die Kerkraad besluit het om 'n publieke skool te stig. Oor die publieke skool het die kerkraad van Johannesburg indirekte toesig uitgeoefen en op 30 April 1894 was daar omtrent 200 kinders ingeskryf, onder die sorg van ses onderwysers.(5)

Mnr. John Tudhope, wat die tyd belang in die „National Union" gestel het, en ander is genader. Die gevolg was dat 'n fonds, wat vir die skool vir 'n tydperk van twee jaar borg sou staan en wat omtrent £1,000 bedra het, tot stand gebring is. 'n Skoolkommissie is gekies  
en/

(1) Standard and Diggers News, 22 Junie 1895.

(2) a. Ibid.  
b. Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 488.

(3) a. Verslag van die Gemeente, Johannesburg, 18 Apr. 1892.  
b. Smit: Op cit.

(4) Standard and Diggers News, 13 Mei 1892.

(5) Godsdienstverslag van den toestand der Gemeente Johannesburg, 30 April 1894.

en aansoeke van personeel is ingewag. Die skool is hierna in die Publieke Skool omskep, met G.M. Hofmeyr as hoof.(1)

"Johannesburg Public School." Die skool het die Instituutgebou vir 'n skool gebruik. Toe die skool aan die einde van 1892 as die Johannesburgse Publieke Skool, heropen het, was daar meer as 200 leerlinge teenwoordig. Pokke het die aantal leerlinge in 1893 verminder en verandering van personeel het die getalle laat daal.(2) Teen die jaar 1895 was daar nog 150 leerlinge op die skool, maar 75% van die bestemde skoolgeld is gebruik om die skool solvent te hou.(3) Tydens 'n vergadering van die borge van die skool is die heer W. Dunbar M.A. tot hoof benoem. Die skool het tot na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog voortbestaan.(4)

"St. Augustines." Soos die skole van J.T. Darragh wat namens die Anglikaanse kerk gebou is, is ook hierdie skool in Doornfontein gedurende die eerste deel van 1892 gebou.(5) Toe Crots aan die begin van 1892 gevra is of die skool subsidie van die staat kon ontvang, is aan hulle subsidie toegese, op voorwaarde dat die kinders vir wie subsidie verlang word, „strekt afgezonderd wordt gehouden van den overige kinderen by wie het medium van Onderwijs niet Hollandsch is. Zitten nu de dertig kinderen waarover gij spreekt, gomengd met de andere drie-en-dertig door elkander, dan kan voor die dertig kinderen geen subsidie betaald worden, tensy het medium van allen onderwijs Hollandsch is.”(6) Die bestuurder van die skool was

c erw./

(1) Standard and Diggers News, 22 Junie 1895.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Standard and Diggers News, 11 Mei 1892.

(6) OD 223, 182/92 G.A. Ode - F.P. Crots. (Ongedateer.)

eerw. C. Baumgarten, 'n hulppriester van J.T. Darragh.

Met die verandering van die wet is nie verder aansoek om subsidie voor 1893 gedoen nie.(1) Die hoof van die skool was eerw. Aspelinc, maar daar hy nie Hollands was nie, kon geen staatstoelae aan die skool betaal word nie.(2) Die heer A.H. Naude, voorheen hoof van die Turffonteinse Staatsondersteunde Skool, teen wie in die onderwysrapport van 1891 beswaar gemaak is, is as Hollandse onderwyser in diens geneem.(3) Naude is deur die onderwysdepartement tot die volgende Maart 1894 goedgekeur, op voorwaarde dat hy die nodige eksamen afle volgens die vereistes van die Besluit, saamgevat in Art. 3<sup>44</sup> van 1 Junie 1892.(4) Met die inspeksie in Januarie 1894 is aangedui dat die heer Naude deeglike onderwys in Hollands gee en dat hy aanbeveel is.(5) Naude het egter nie die vereiste eksamen afgele nie, dus is geen toelae aan die skool uitbetaal nie. Dit het heelwat wrywing veroorsaak.(6) Nadat Naude 'n belofte afgele het dat hy die eksamen in September sou afle, het die skool vanaf 1 Julie 1894 weer subsidie ontvang.(7) Na veel gesukkel het eerw. Baumgarten aan Mansveld laat weet dat dit vir hom duidelik is dat Engelse skole onder geen omstandighede subsidie kon ontvang nie.

Sy/

(1) OD 1<sup>4</sup>, C. Baumgarten - G.A. Ode, 19 April 1893.

(2) OD 228, 986/93 N. Mansveld - C. Baumgarten, 21 Julie 1893.

(3) a. OD 228, 1209/93 G.A. Ode - C. Baumgarten, 11 Sept. 1893.  
b. 1209c/93 A.H.H. Sausenthaler - F.P. Crots, 11 Sept. 1893.  
c. 1215/93 G.A. Ode - C. Baumgarten, 12 Sept. 1893.

(4) OD 228, 131<sup>4</sup>/93 G.A. Ode - C. Baumgarten, 2 Okt. 1893.

(5) Inspeksieverslag 1894, Ie kwartaal, 52.

(6) a. OD 229, 1927/94 J. Bergmans - C. Baumgarten, 17 April 1894.  
b. OD 16, OR 2935/94 by OR 6477/94, Naude - Dr. Mansveld, 30 Mei 1894.

(7) OD 16, OR 2935/94 by OR 6477/94, J. Bergmans - A.H. Naude, 30 Mei 1894.

Sy skoolkommissie het besluit om geen Hollands meer in die skool te laat onderwys nie, en hy laat weet dat hy verder met die President en „Land en Volk" sou korrespondeer.(1) Alhoewel Naude ander kwalifikasies gehad het, kon die skool nie subsidie verkry nie. Baumgarten kla dat: „al mijne streven om met 't Departement zaam te werken werd verijdeld daar de moeilikheden door 't Departement in den weg gelegd, en daar ik er toe genoodzaakt ben, is er geen ander weg voor mij open dan het Hollandsch geheel uit mijne school te bannen. Het geldelijk verlies voor mijne school is nil want met het bannen van Hollandsch uit mijne school gaan ook (de) Hollandsche onderwijzer en zijn salaris."(2) Sy skool het niks gely deur die stap nie, maar die welvaart en vooruitgang van die Republiek is op 'n ernstige wyse verhinder deur die met sukses bekroonde pogings van die Onderwysdepartement om die uitlanders en ander te verhinder om één algemene landstaal aan te leer.(3) Die Onderwysdepartement het waarskynlik op die brief reageer, want vanaf Januarie 1895 is 'n nuwe Hollandse onderwyser, P.K. Bennink Jansonius benoem, wat voorheen by Marist Brother'sskool diens gedoen het.(4) Sake het nou vlot verloop, sodat eerw. Baumgarten die Onderwysdepartement genader het om 'n lening om die skuld

van/

- (1) a. OD 16, OR 6477/94 by OR 6477/94, C. Baumgarten - Dr. N. Mansvelt, 17 Nov. 1894.
- b. OR 6632/94 by OR 6477/94, C. Baumgarten - Dr. N. Mansvelt, 27 Nov. 1894.
- c. OR 6969/94 by OR 6477/94, C. Baumgarten - Dr. N. Mansvelt, 13 Des. 1894.

- (2) OR 6969/94 by OR 6477/94, C. Baumgarten - Dr. Mansvelt, Des. 1894. (Uittreksel uit kopie van brief aan Land en Volk.)

- (3) Ibid.

- (4) a. OR 590/95 by OR 6477/94, P.K. Bennink Jansonius - Inspecteur van Onderwijs, Johannesburg 22 Jan. 1895.
- b. OR 2029/95, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 19 Maart 1895.
- c. OR 2522/95, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 2 April 1895.

van die skool te delg.(1)

Inspekteur C.G. de Jonge het die skool die einde Mei geïnspekteer, maar net sewentien van die dertig Hollandse leerlinge teenwoordig gevind. Hy sou nog die die middag elf leerlinge in Hollands ondersoek, maar hulle het nie opgedaag nie. Hy meld dat eerw. Baumgarten ook nie bekommerd daaroor was nie.(2) Spoedig het 'n brief van verskoning van eerw. Baumgarten gevolg oor die elf seuns, wat nie die eksamen afgelê het nie, en hy spreek die hoop uit dat sy toelae nie weggeneem sou word nie.(3) Die skool het net toelae vir veertien leerlinge ontvang, alhoewel De Jonge nog tien leerlinge geïnspekteer het. Sake het na die vertrek van Baumgarten na Engeland in Junie 1895 versleg.(4) Die nuwe hoof, eerw. Newnham, het nie soveel belang gestel nie, sodat die Hollands agteruit gegaan het.(5) In Junie 1896, toe die inspeksie plaasgevind het, was daar net 20 Hollandse leerlinge aan die skool verbonde.(6)

Onsektariese Skool. Die "Onsektarische" Skool van die Coldrey familie het met die onderwys voortgegaan.

Toe/

- (1) a. OR 3617/95 by 3854/95, C. Baumgarten - Dr. Mansvelt, 17 Mei 1895.
- b. OR 3854/95 by 3854/95, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 27 Mei 1895.
- (2) OR 3961/95 by OR 6477/94, C.G. de Jonge - J. Bergmans, 1 Junie 1895.
- (3) a. OR 4033/95 by OR 6477/94, C. Baumgarten - Dr. Mansvelt, 1 Junie 1895.
- b. OR 4245/95 by OR 6477/94, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 10 Junie 1895.
- c. OR 5129/95 by OR 6477/94, P.K. Bennink Jansonius - Sekretaris van die Dept. van Onderwys, 5 Julie 1895.
- (4) OR 4275/95 by OR 6477/94, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 10 Junie 1895.
- (5) OR 8817/95 by OR 6477/94, P.K. Bennink Jansonius - Dr. Mansvelt, 16 Nov. 1895.
- (6) Inspeksieverslag 1896, IIde Kwartaal, 91.

Toe Crots sy skool in Januarie 1892 besoek het, het hy aan die vereistes voldoen.(1) Toestemming is aan hom verleen om 'n middelbare afdeling by sy skool te voeg op voorwaarde dat hy aan die skoolwet voldoen.(2) Toe Crots die skool vroeg in die volgende jaar besoek het, het hy gevind dat alleenlik die heer Coldrey bevoeg was om volgens die nuwe wet onderwys te gee. Die res van die familie is afgekeur.(3) Die heer Coldrey het besluit om 'n skool volgens die volle wet van 1892 te reëel, maar die skool het begin kwyn. Om hulponderwysers in die hande te kry, wat voldoende kwalifikasies besit het om aan die eise van die wet te voldoen, was nie 'n maklike taak nie. Die skool het onder die leiding van Coldrey en sy een dogter Louisa voortgegaan,(4) maar die vermindering in die inkomste het hom blykbaar swaar getref. Die laaste wat ons van die skool hoor, is in die inspeksierapport van 1894, toe daar 52 leerlinge onder Coldrey en sy dogter in die skool was. Hier weer het die nuwe onderwyswet 'n goeie skool getref, sodat die hele toekoms donker geword het.

"Oxford House School." Die "Oxford House School" het ook met die kom van die nuwe wet ondergegaan. Die skool is in Januarie 1891 geopen en was op die hoek van Hoek- en Breestrate geleë. Dit sou uitsluitlik 'n meisie skool wees.(5) Mev. Hamer, wat 'n hoërskoolonderwyseres in Engeland was,(6) het haar bes gedoen om 'n goeie meisieskool in die lewe te roep. Sy het ook soos ander gesukkel

om/

(1) Inspeksieverslag 1892, Ie Deel: Inspeksie 25 - 27 Jan. 1892.

(2) OD 226, 1355/92 G.A. Ode - Chas. Coldrey, 30 Nov. 1892.

(3) OD 15, F.P. Crots - N. Mansvelt, 23 Jan. 1893.

(4) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 49.

(5) a. OD 8, P.E. Hamer - Waarn. Supt. van Onderwys, 30 Des. 1890.  
b. The Star, 6 Januarie 1891.

(6) OD 8, P.E. Hamer - Waarn. Supt. van Onderwys, Jan. 1891.

om subsidie te ontvang, daar sy in kennis gestel is dat as sy nie 'n onderwyser vir Hollands kry nie, die skool nie aan die heersende wet (1882) sou voldoen nie.(1) Die skool is deur Crots nagegaan, maar subsidie sou nie uitbetaal word nie.(2) Dit het geblyk dat die skool van mev. Hamer kwalik sonder subsidie voortgesit kon word.(3) Mej. Brown, wat as assistente gedien het, het op haar beurt gepoog om subsidie van die staat te ontvang, maar is in kennis gestel dat geen nuwe skool in die plek van Oxford House gesubsidieer sou word nie, tensy bewys gelewer kon word dat die hoof onderrig deur middel van Hollands kon gee. Sy het nogtans 'n skool gestig, daar sy die skool verteenwoordig het met die stigting van die „Teachers Association."(4)

Villa Nassau. Die skool was in Doornfontein, maar dit kan nie vasgestel word wanneer dit begin of gesluit het nie. Die skool is op 10 Februarie 1893 deur Crots geinspekteer, en daar die medium nie uitsluitlik Hollands was nie (twee en 'n halfuur per dag is aan Engels toegestaan), kon die skool nie aanspraak op subsidie maak nie.(5) Mej. A.A. van der Schuyt het om 'n regeringstoelae aansoek gedoen, maar het later besluit om daarvoor te bedank. Vir die behoud van haar skool was sy genoodsaak om dit te doen, daar sy nie aan die eise van die nuwe wet kon voldoen nie.(6) Die feit dat sy die subsidie van die hand gewys het, het blykbaar die Superintendent ontstel, daar hy aan die hoof

van/

---

(1) a. OD 223, 331/92 G.A. Ode - F.P. Crots, 10 Maart 1892.  
b. OD 223, 391/92 G.A. Ode - P.E. Hamer, (ongedateer.)

(2) OD 224, 427/92 G.A. Ode - Leden van school commissie Oxford House, 25 Maart 1892.

(3) a. OD 224, 633/92 G.A. Ode - S.H. van Diggelen,  
2 Mei 1892.  
b. OD 224, 634/92 G.A. Ode - Crots, 2 Mei 1892.

(4) Standard and Diggers News, 28 Mei 1892.

(5) Inspeksieverslag 1893, Ie Kwartaal, 40.

(6) OD 15, F.P. Crots - G.A. Ode, 11 Feb. 1893.

van die skool skryf dat: "onderwijzers en onderwijzeressen, die werkelijk berekend zijn voor de taak der opvoeding, heeft Zijn Ed. noode, zich ontrekken aan het onderwijs dat onder Staatstoezicht gegeven word."(1) Die ouers van die leerlinge van die skool was daarteen dat leerlinge Hollands leer en die departement is gevra om die inrigting as privaat te beskou.

"Congregational Day School." Die skool opgerig in 1890 was die enigste Jodeskool in Johannesburg en het onder die beheer van die Witwatersrandse Hebreeusche Opvoedingsgenootskap gestaan.(2) Om 'n subsidie te verkry, is 'n kolonialer, John Russouw as Hollandse onderwyser aangestel.(3) Die skool was maar klein, want net 31 leerlinge het die skool in April 1891 bygewoon.(4) Stiemens het na sy inspeksiebesoek aan die Opvoedingsgenootskap gesê dat 'n subsidie aan hulle toegeken sou word, as hulle 'n Hollandse onderwyser aanstel.(5) Ode het namens die Onderwysdepartement die skool voorlopig gesubsidieer, op voorwaarde dat in die strengste sin aan die wet voldoen sal word. Die volgende inspeksie sou toon dat aan die wet voldoen is.(6) Dit is opvallend dat die wet van 1892 so min in aanmerking geneem is, so dat hier aan 'n Joodse skool, onder beheer van die Joodse gemeenskap met Engels as medium subsidie toegestaan is. Toe die state wel ingedien is, is aan die skool vertel dat geen

Hebreeusche/

(1) OD 226, 205/93, G.A. Ode - A.A. van der Schuyt,  
(ongedateer.)

(2) a. OD 7, M.L. Harris - Supt. Generaal van Opvoeding,  
2<sup>4</sup> Sept. 1890.  
b. Standard and Diggers News, 2 Maart 1892, "Letters  
on Education." II.

(3) OD 8, S. Goldreich - Supt. van Onderwys, 7 April 1891.

(4) OD 8, S. Goldreich - Supt. van Onderwys, 9 April 1891.

(5) Ibid.

(6) OD 8, G.A. Ode - S. Goldreich, 17 April 1891.

Hebreeusche skool volgens die wet gesubsidieer kan word. nie.(1) Alhoewel die skool verder aansoek by die Uitvoerende Raad gedoen het, is daar tog nie subsidie aan hulle toegestaan nie.(2) Die skool het heelwat funksies gereël ter stywing van die skoolfonds, soos die nuusblad-advertensies aandui.(3)

Omtrent hierdie tyd het daar 'n geskil onder die Jode geheers sodat daar twee groepe gevorm is: die ou gemeente en die hervormers wat nie saam met hulle gestem het nie.(4) S. Bebro, die hoof van die skool vanaf sy stigting, het hom nie met die geskil bemoei nie, met die gevolg dat sy skool nie daaronder gelijk het nie. Die skool het wel opposisie van die nuwe Hebreeuse gemeenskap ondervind, sodat hy nie so floreer het soos hy moes nie. Die skool was nog in 'n ou gebou met 'n sink dak gehuisves, maar £4,000 is aan 'n nuwe sinagoge vir die hervormers bestee. Die huidige sinkgeboutjie wat langs die trein-spoor gestaan het (waar die spoorweghoofkwartiere teenoor die Plein staan), het so vol geword dat meer leerlinge nie toegelaat kon word nie.(5) Die skool kon nie staande bly as die hoof aan die een of ander deel van die gemeente in hul geskil ondersteuning gee nie, sodat die skool hoeltemal apart geword het van die ou Hebreeuse gemeente waaraan hy verbondig was. Die ou gemeente het die skool gestig en geldelik bygestaan.

Die skool het dus voortgegaan om die jong Jodeseuns en-dogters die nodige godsdienstige en opvoedkundige leiding te/

(1) OD 145, G.A. Ode - M. Abrahams, 24 Aug. 1891.

(2) a. OD 145, M. Abrahams - Supt. van Onderwys, 9 Nov. 1891.  
b. OD 221, G.A. Ode - M. Abrahams, 9 Nov. 1891.

(3) a. Star, 1 Februarie 1892: Theatre Royal: Comedy and Burlesque.  
b. Standard and Diggers News, 14 Oktober 1892.  
(Dans ten behoeve van skool).

(4) Star, 11 Februarie 1892.

(5) Standard and Diggers News, 2 Maart 1892.

te gee, sodat hulle nie by die ander groepe in die Goudstad sou agter raak nie.(1)

"True Templar's School." Buiten die Perserverance skool van J.T. Darragh is daar net een skool in Johannesburg wat vir die nie-blankes oop was. Die "True Templar's School" was 'n skool vir kleurlinge onder die beheer van N. Wakeham en was geheel en al privaat. Crots het met sy inspeksiereis van 1892 die skool teëgekom.(2)

Progymnasium van Jan van Bruggen. Jan van Bruggen, wat as Hollandse onderwyser vir die Anglikaanse skole, St. Augustines en St. Michaels gewerk het, het in 1892 besluit om sy eie inrigting te open.(3) Hy was van plan om 'n uitgebreide skool in Johannesburg te stig wat as 'n voorbereidende skool vir die voorgestelde Gymnasium sou dien, soos in die Konsepwet van Mansvelt uiteengesit.(4) Mansvelt was ingenome met die idee en het hom aangemoedig.(5) Toe inspekteur Crots genader is, het hy gesê dat daar in Johannesburg reeds te veel skole bestaan, en dat 'n nuwe skool nie wenslik geag word nie.(6) Van Bruggen het egter planne beraam en op 3 Oktober 1892 is sy skool in Von Brandisstraat naby die Regeringsplein geopen.(7) Hier het Van Bruggen aangebied om leerlinge voor te berei vir die voorgestelde gymnasium wat in Pretoria opgerig sou word asook om voor te berei vir die

Derde-/

(1) Standard and Diggers News, 14 Oktober 1892.

(2) OD 13, F.P. Crots - N. Mansvelt, 20 Feb. 1892.

(3) a. OD 223, 278/92, G.A. Ode - J. van Bruggen,  
4 Maart 1892.  
b. OD 223, 296/92, N. Mansvelt - J. van Bruggen,  
6 Maart 1892.  
c. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R.,  
338.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

(6) OD 224, 546/92 N. Mansvelt - J. van Bruggen, 14 Apr. 1892.

(7) a. Star, 5 September 1892.  
b. Ibid., 15 September 1892.

Derdeklas Onderwyserseksamen. Die medium van die skool sou Hollands wees, alhoewel Engels deeglik onderrig sou word.(1) Met die inspeksie in Januarie 1893 was daar agt-en-twintig leerlinge in die skool. Die inspekteur het gevind dat te veel Engels gebruik is, terwyl die orde van die skool nie na sy smaak was nie.(2) Na 'n jaar se werk het die aantal leerlinge na ses-en-vyftig gestyg.(3)

Van Bruggen het gevoel dat as hy 'n goeie gebou tot sy beskikking het, hy beter ondersteun sou word en het aansoek gedoen om grond om te bou. In Mei 1894 het die Onderwysdepartement ingewillig om 'n stuk grond, groot genoeg vir 'n skool van 300 leerlinge, beskikbaar te stel.(4) Die grond, as dit aangekoop moes word, sou teen renteberekening van die kapitaal vir bou benodig, afgestaan word, of kon van die Onderwysdepartement gehuur word.(5) Hy is aanbeveel om 'n stuk grond in Brickstands, naby die skool van Van Aswegen, wat nie gesubsidieer sou word nie, te soek, omdat 'n goed georganiseerde skool daar veel kinders sou trek.(6) Die Uitvoerende Raad het in September 1894 (Art. 473) besluit dat dit in die nasionale belang sou wees om 'n skool so groot as moontlik te stig. By die Volksraad sou aanbeveel word dat vier standplose beskikbaar gestel word, waarop 'n regeringskool en onderwyserswoning gebou sal word. Hierdie geboue sou aan/

(1) a. Star, 5 September 1892.  
b. Ibid., 15 September 1892.

(2) Inspeksieverslag 1893, Ie Kwartaal, 34.  
(25-26 Jan. 1893.)

(3) Ibid., 1894, Ie Kwartaal, 48, (18-19 Jan. 1894.)

(4) a. OD 229, Supt. van Onderwys - Mynkommissaris,  
Johannesburg, 21 Mei 1894.  
b. OR 2790/94, J. Bergmans - J. van Bruggen,  
26 Mei 1894.

(5) Ibid.

(6) Ibid.

aan die skoolkomitee verhuur word. Die voorstel is deur die staatspresident ondersteun, nadat hy verklaar het dat hierdie 'n besondere geval is.(1) Die gebou het nie so vinnig gestyg soos Van Bruggen verwag het nie.(2) Die skool sou gebou word in Markstraat op die standplase wat daardie tyd gebruik is deur J.T. Darragh se skool, St. Cyprian's. Hy sou ander standplase as kompensasie toegeken word, sodat hy sy kerk en skool daar kon bou.(3)

Toe die skool in Februarie 1895 besoek is, het die inspekteur 180 leerlinge teenwoordig gevind. Hy merk op dat die skool 'n gunstige faktor vir die Afrikaanse element in Johannesburg was, en saam met Spes Bonaskool moes dit die bolwerk vir Christelik-Nasionale onderwys wees in 'n omgewing wat niks as goed wil aanneem, tensy dit Engels is nie.(4) In Oktober 1895 het nog niks van die gebou gekom nie.(5) Met die tweede inspeksie wat die jaar plaasgevind het, is opgemerk dat die gebou te swak is en in stryd met die gehalte van die onderrig wat aan die 180 leerlinge gegee word.(6) Die heer Van Bruggen was bly om te hoor dat daar weer van staatsweë planne beraam is om sy skool te bou.(7) Die doel van die skool sou wees om onderrig te verskaf aan die meer gegoede stand met 'n minimum skoolgeld van 10/- per maand.(8) Die skool sou vir 120 leerlinge met 4 klaskamers gebou word.(9)

Van Bruggen/

(1) V.R. Not., 13 September 1894, Art. 1700.

(2) OR 6408/94, J. van Bruggen - Dr. Mansvelt, 13 Nov. 1894.

(3) Ibid.

(4) Inspeksieverslag 1895, Ie Kwartaal, 11.

(5) OR 8190/95 by OR 7404/95, J. van Bruggen - Supt. van Onderwys, Oktober 1895.

(6) Inspeksieverslag 1895, 4e Kwartaal, 19. (19 Nov. 1895.)

(7) OR 1938/96, J. van Bruggen - Dr. N. Mansvelt, 11 Maart 1896.

(8) Ibid.

(9) Ibid.

Van Bruggen wou hê dat die Onderwysdepartement vir hom 'n tweede skool in Brickfields moes bou.(1) Die Uitvoerende Raad het in Maart 'n skool vir Van Bruggen toegestaan.(2) Van Bruggen was trots hierop. Hy het gewonder hoe dit hom sou geval as hoof van 'n skool waar onderrig gegee word aan kinders van ouers, wat nie Engels as die enigste saligmakende element in die opvoeding beskou nie.(3) Op 26 Mei 1894 het die Onderwysdepartement ingewillig om 'n stuk grond, groot genoeg vir 'n skool van 300 kinders, toe te staan.(4) Van Bruggen kon met medewerking van die Mynkommissaris sy eie grond vir sy skool uitkies.(5) Die grond, indien dit nie aan die staat behoort nie, sou gekoop word en aan die skool verhuur of teen betaling van rente in bruikleen gegee word.(6) Hy word aangeraai om in die omgewing van H.I. van Aswegen se skool grond te soek, omdat hy hier leerlinge sou kry.(7) Intussen is 'n tak van die Spes Bonaskool onder Z. Ormel in die omgewing geopen. As hy die kragtige steun van die Onderwysdepartement kry, sou hy die anti-nasionale of Engelse onderwys kon help dood-druk.(8)

Van Bruggen se skool het ook onder die moeilikhede van die eerste deel van 1896 gely, want hy meld: „de absentie/

- (1) OR 1938/96, J. van Bruggen - Dr. N. Mansvelt, 11 Maart 1896.
- (2) a. OR 2468/96 by OR 1938/96, J. Bergmans - J. van Bruggen, 28 Maart 1896.  
b. OR 1938/96, Afskrif Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 215, 14 Maart 1896.
- (3) OR 2468/96 by OR 1938/96, J. van Bruggen - Dr. N. Mansvelt, 24 Maart 1896.
- (4) OR 2790/94, J. Bergmans - J. van Bruggen, 26 Mei 1894.
- (5) a. Ibid.  
b. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 338.
- (6) Ibid.
- (7) Ibid.
- (8) OR 2468/96 by OR 1938/96, J. van Bruggen - Dr. N. Mansvelt, 24 Maart 1896.

absentie is vreeselijk erg geweest, vooral door oorlog, dijnamiet en armoede."(1) Gedurende Maart het Van Bruggen sy tweede skool in Brickstands geopen om vir leerlinge teen die Spes Bonatak te wedywer. Die skool het 120 leerlinge getrek.(2) Van Bruggen se eie skool, oorkant die Von Brandisplein, het heelwat leerlinge verloor, omdat daar net 103 leerlinge aangegee is toe die inspekteur die skool besoek het.(3) Van Bruggen het opdrag gekry om 'n geskikte plek vir die hulpskool te kry, en die plek wat hy gekies het, was op die hoek van Plein en Von Wiellighstrate geleë.(4) Van Bruggen was in noue voeling met sy hoof in Pretoria en het af en toe wenke aan die hand gedoen i.v.m. die skool. Hy het die Superintendent aangeraai om 'n geskilte plek in die nuwe voorstad "Vrede" (vandag bekend as Vrededorp) te soek. As die skool geopen word, sal hy sy hulpskool in Brickfields sluit.(5) Die gebou van die hulpskool sou aan die einde van 1896 gesloop word, en 'n ander gebou moes gesoek word.(6) Hy maak melding van 'n Kafferskool (St. Cyprian's) met suiwer Engelse onderwysers wat 'n "meest oogelijke school" in Brickfields opgerig het met 'n geskenk van £1,000 wat hulle ontvang het.(7) Hy vra hulp om 'n tydelike gebou vir omtrent 250 leerlinge op te rig.(8)

'n Plan is beraam om sy skool, wat deur die  
Uitvoerende/

- (1) a. OR 2613/96 by OR 2613/96, J. van Bruggen - Dr. N. Mansvelt, 30 Maart 1896.  
b. OR 2717/96 by OR 2613/96, C.J. Hoolboom - Dr. Mansvelt, 1 April 1896.
- (2) Inspeksieverslag 1896, 3e Kwartaal, 269.  
(Braamfonteinskool 28 - 29 Julie 1896.)
- (3) Ibid., 266, (23-27 Julie 1896.)
- (4) OR 6860/96, J. van Bruggen - Dr. Mansvelt, 4 Aug. 1896.
- (5) Ibid.
- (6) OR 10102/96, J. v. Bruggen - Dr. Mansvelt, 6 Nov. 1896.
- (7) Ibid.
- (8) Ibid.

Uitvoerende Raad in September 1895 goedgekeur is, te bou.(1) Die twee skole het nog in 1897 voortbestaan.(2) Teen Mei 1897 was die nuwe skool amper voltooi.(3)

Van Bruggen is vanaf 1 September 1897 as hoof van die eerste Staatskool aangestel, wat volgens die verandering in die wet van 1896 geopen is.(4) Met die vertrek van Van Bruggen het die kommissie van die skool geweier om 'n ander Hollander, L. Thomassen, as hoof van die skool te aanvaar. Hulle sou net tot die einde van September dien.(5) So het die skool ook tot 'n einde gekom, nadat goeie werk deur die hoof verrig is in verband met die onderwys in Johannesburg.

"Wesleyan Day School." Die skool is met die inspeksie van skole in Februarie 1891 subsidie geweier, omdat geen Hollands in die skool onderrig is nie.(6) Die skool het met 'n sukkelstryd voortbestaan. Graham, die hoof, het probeer om Hollandse onderwysers te kry wat die goedkeuring van die Onderwysdepartement sou wegdra, maar alhoewel hy in 1891 sy subsidie tydelik gered het, het hy dit heeltmal verloor vanaf die tydperk toe die nuwe wet in werking getree het.(7)

#### (ii) Skole in Fordsburg.

##### Ned. Herv. of Geref. Kerkskool, Fordsburg.

Die skool is op 18 Januarie 1891 begin, met G.C. Cillie as hoof/

- (1) R 9280/95. Afskrif van Uitvoerende Raadbesluit.  
(Art. 678) 30 Sept. 1895.
- (2) Inspeksieverslag 1897, Ie Kwartaal, 7-8. (Progymnasium 26 - 29 Jan. 1897, 7. Progymnasium Tak, 30 Jan. 1897, 8.)
- (3) OR 6170/97, C. Hartman Carst - C.G. de Jonge,  
17 Mei 1897.
- (4) OR 11267/97, C.J. Hoolboom - Dr. Mansvelt, 3 Sept. 1897.
- (5) Ibid.
- (6) Inspeksieverslag 1890, 95. (25 Feb. 1891.)
- (7) a. OD 8, H.W. Graham - Supt. van Onderwys, 13 Mrt. 1891.  
b. OD 223, 162/92, N. Mansvelt-F.P. Crots, 15 Feb. 1892.  
c. OD 226, 148/93, G.A. Ode - H.W. Graham, 31 Jan. 1893.

hoof en P.J.F. Herbst as hulponderwyser, maar gou het daar moeilikhede ontstaan.(1) Toe die skool in April van die jaar negentig leerlinge gehad het, en net twee personeellede, is 'n jong seun, D.H. Malherbe, gebruik om 'n deel van die werk te behartig.(2) Maar met die verdere uitbreiding van die skool is twee dame-assistente aangestel om te help.(3) Herbst het in Junie 1891 van die skool vertrek. Hy het reëlings getref om 'n opposisieskool, bekend as die Fordsburg Publieke Skool, op 7 Julie 1891 te stig.(4) Met die inspeksie in Februarie 1892 het die heer Crots Cillie met twee hulponderwysers in 'n skool van een-en-negentig leerlinge gevind, wat onderwys tot standerd vier verskaf het.(5) Onderwysers was blykbaar moeilik om te kry, want nadat mej. Olver nie toegelaat is om aan die skool te werk nie, is 'n leerling, Grove, 13 jaar oud, deur die Onderwysdepartement toegelaat om onderwys te gee mits die skoolkommissie dit nie afkoer nie.(6) 'n Probleem het hier ontstaan daar die skoolkommissie volgens die konstitusie net sewe lede kon hê, terwyl nege lede gekies is.(7) 'n Kommissie van ondersoek, bestaande uit die spesiale kommissaris, F. de Beer, en kommandant Schutte van die polisie is gelas om ondersoek in te stel.(8) Die lede

het/

- (1) OD 8, A.P. Smit - Waarn. Supt. van Onderwys. (ongedateer.)
- (2) OD 8, P.J.F. Herbst - Supt. van Onderwys, 18 April 1891.
- (3) OD 8, G.F. Cillie - Supt. van Onderwys, 11 Nov. 1891.
- (4) OD 8, Skoolkommissie-Supt. van Onderwys, 3 Julie 1891.
- (5) a. Inspeksieverslag 1892, 36.  
b. Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 489, beweer dat die latere ds. D.P. Cillie hoof van die skool was. In die inspeksieverslag word aangedui dat G.F. Cillie Gereformeer en nie 'n lid van die Nod. Herv. of Geref. Kerk was nie. Smit begaan blykbaar 'n fout.
- (6) OD 223, 268/92, G.A. Ode - G.F. Cillie, 3 Maart 1892.
- (7) OD 226, 169/93, G.A. Ode - F. de Beer, Spesiale Kommissaris te Johannesburg en D.E. Schutte, Kommandant van Polisie, 1 Feb. 1893.
- (8) Ibid.

het geweier om af te tree, sodat 'n kommissie volgens die nuwe skoolwet gekies kon word.(1) Subsidie is intussen nie uitbetaal nie, wagtende op die ondersoekkommissie se verslag.(2) Dat die plaaslike bevolking die vraagstuk as van groot belang beskou het, blyk uit 'n brief van twee lede van die skoolkommissie. Hulle skryf: „Zooals ik Uw Ed. gezegd heb dat er moord en doodslag zullen plaats vinden indien Uw Ed. er niet oogenblikkelijk werk van zult maken."(3) Sake het mettertyd weer die gewone loop geneem, sodat die inspeksie, wat aan die begin van Februarie 1894 plaasgevind het, aangedui het dat die skool 'n vermeerdering tot 110 leerlinge kon aantoon.(4) Die lede van die gemeente het Cillie se lewe bemoeilik en probeer om hom te ontslaan, dog sonder sukses.(5) Die skool wou vooruit gaan, en toe hulle hoor dat grond aan die Spes Bonaskool toegestaan is, het hulle ook aansoek gedoen om grond vir 'n behoorlike skool vir Fordsburg.(6)

Na die periode van die streng toepassing van die onderwyswet, wat met die kom van Mansvelt meegebring is, het weer stadigaan 'n laksheid in die skole begin intree. Die inspekteur het na sy inspeksie in Februarie 1895 geëis dat meer Hollands in die skool onderrig moes word.(7) Die kerkgeboutjie wat tot hierdie tyd as skool diens gedoen het, is nou as ongeskik vir die doel deur die inspekteur beskou/

(1) OD 226, 169/93, G.A. Ode - F. de Beer, Spesiale kommissaris te Johannesburg en D.E. Schutte, Kommandant van Polisie, 1 Feb. 1893.

(2) OD 227, 320/93, G.A. Ode - D.J. Reineke, 13 Maart 1893.

(3) OD 15, 320/93, I. de Vries en D.J. Reineke - Supt. van Onderwys, 13 Maart 1893.

(4) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 56. (Ned. Herv. of Geref. Kerkskool), 31 Jan. 1894 - 1-2 Feb. 1894.

(5) OR 2725/94, J. Bergmans - I de Vries, 22 Mei 1894.

(6) OR 4898/94, I de Vries - Dr. Mansvelt, 11 Sept. 1894.

(7) Inspeksieverslag 1895, 65 (Vereenigde Kerkskool, Fordsburg,) 30 - 31 Jan. 1895 en 1 Feb. 1895.

beskou.(1) Die skool het verhuis na die nuwe kerkgebou wat op 6 Desember 1895 in diens geneem is.(2) 'n Paar maande daarna, op 19 Februarie 1896, was die kerk een van die grootste slagoffers van die noodlottige dinamietontploffing wat die kerk in puin gelê het.(3) Goederewaens, gelaai met dinamiet, het ontploff en die ramp veroorsaak.(4) Natuurlik het die ramp die skool beïnvloed, sodat die skool eers weer na 'n tydjie gebruik is. Toe die inspekteur die skool in Julie besoek het, het hy gevind dat omtrent 100 kinders deur drie onderwysers in die kerk onderrig word. Goeie werk kon nie gedoen word nie, blykbaar omdat daar nie die nodige ameublement was nie. Die hoof is aangeraai om minder skool te hou en meer te onderrig.(5) Die skool is die volgende maand weer getref deur die pokke-epidemie. (6)

Fordsburg Publieke Skool. Toe die Verenigde Kerkskool in Fordsburg gestig is, is daar geloot wie die hoof sou word. G.F. Cillie het gewen en Herbst het toe sy assistent geword. Hy is 'n loon van £10.0.0 per maand aangebied en as die getalle bo sewentig styg, sou hy £12.0.0 per maand ontvang. Die getalle het vanaf Januarie gestyg, sodat daar amper 100 kinders in die skool was, maar geen derde onderwyser is aangestel nie.(7) Die wrewel het Herbst van Cillie laat skei en sy eie skool laat stig in Julie/

(1) Inspeksieverslag 1895, 4e Kwartaal, 22.  
(Vereenigde Kerkskool, Fordsburg), 22 Nov. 1895.

(2) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 1<sup>42</sup>.

(3) Ibid., 1<sup>43</sup>.

(4) The Star, 20 Februarie 1896.

(5) Inspeksieverslag 1896, 3e Kwartaal, 261.  
(Inspeksie 17 - 21 Julie 1896.)

(6) a. OR 9151/96, vorm van sluiting vanaf 31 Aug. 1896 - 1 Okt. 1896 weens pokke.  
b. OR 7671/96, G.F. Cillie - Sekr. van Dept. van Onderwys, 1 Sept. 1896.

(7) OD 8, P.J.F. Herbst - Supt. van Onderwys, 9 April 1891.

Julie, wat bekend gestaan het as die Fordsburg Publieke Skool.(1) Die skool het van hoofde gewissel maar bestaan vandag nog as die Mayfair Goede Hoopskool. In sy aansoek om subsidie het Herbst aangedui dat die skool met 97 leerlinge begin het.(2) Die skool het begin in 'n groot en goedingerigte gebou van baksteen en ysterdak, wat ruimte vir 150 leerlinge verskaf het.(3) Die inspekteur, toe hy die skool in Februarie 1892 besoek het, het 94 leerlinge op die register gevind, onder die beheer van Herbst en mej. M.M. Olver.(4) Die inspekteur het opgemerk dat die orde vry goed is.(5) Geld is ingesamel om 'n eie gebou gedurende die jaar te bekom.(6) Personeellede was moeilik verkrybaar daar die wet geëis het dat nie meer as dertig leerlinge deur een onderwyser onderrig kon word nie.(7) Die skool het nie floreer nie, want tydens die inspeksie van 1893 was daar 84 leerlinge ingeskryf, terwyl die orde veel te wens oorgelaat het.(8) Die inspeksie in 1894 het aangetoon dat nog aan die wet voldoen is.(9) Die gebou wat met die opening as geskik beskou is, is nou as ongeskik beskou, en die orde en toon sou verbeter as 'n beter lokaal verkry kon word. Dit was uiters moeilik vir drie onderwysers om drie klasse in een kamer (omtrent 100 leerlinge) te beheer.(10) Herbst het 'n poging aangewend

om/

- (1) OD 8, Skoolkommissie - Supt. van Onderwys, 3 Julie 1891.
- (2) OD 117b, Aansoek om Subsidie: Fordsburg Publieke Skool, (ongedateer).
- (3) OD 8, D.J. Reineke - Supt. van Onderwys, 26 Julie 1891.
- (4) Inspeksieverslag 1892, Ie Kwartaal, 35.
- (5) Ibid.
- (6) Star, 7 September 1892.
- (7)
  - a. OD 12, 113<sup>4</sup>/92, P.H.H. Fouche - Sekr. van Onderwys, 25 Okt. 1892.
  - b. OD 228, 122<sup>4</sup>/93, G.A. Ode - P.J.F. Herbst, 13 Sept. 1893.
- (8) Inspeksieverslag 1893, Ie Kwartaal, 37.
- (9) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 57.
- (10) Inspeksieverslag 1895, Ie Kwartaal, 7 (5-6 Febr. 1895.)

om 'n nuwe skoolgebou te kry, wat die inspekteur tevrede sou stel.(1) Toe die skool 'n tweede keer die jaar in November besoek is, was daar 123 leerlinge teenwoordig, maar die inspekteur se opmerking in verband met Herbst het lg. se dae as onderwyser getel. Die inspekteur het opgemerk dat 'n bekwame hoof heelwat verbeteringe aan die skool kon aanbring, en gevoglik sou die onderwys dan grondiger wees.(2) Die skool is vroeg in 1896 ook deur die dinamietontploffing ontwrig, en het gevra dat die Superintendent 'n deel van die subsidie toeken, „aangezien wij ons uiterste best~~te~~ gedaan hebben ter verkrijging eene tent of gebouw. De meeste kinderen aan de Publieke School, zijn kinderen van Vrededorp, Jagersdorp, d.i. nabij de Plaats van de ontploffing allen afkomstig van Hollandsch ouders en de meerderheid zones en dochters van Burgers onzer staat."(3) Herbst het gevoel dat die ontploffing 'n terugslag vir die skool was, en het sy bedanking as hoof ingedien.(4) Die skoolkommissie het staande gebly, alhoewel die skool skynbaar nie gefunksioneer het nie of moontlik in 'n tent gehuisves was, want die sekretaris van die skoolkommissie het ondersteuning van die Departement van Onderwys gevra vir 'n gebou.(5) Intussen is die heer A. van der Woude aangestel om Herbst as hoof op te volg.(6) Die Departement van Onderwys was simpatiek gesind en het die skool £300 gestuur vir 'n nuwe gebou in die plek van die een wat deur die dinamietontploffing vernietig is.(7)

Toe/

- 
- (1) OR 5469/95, P.J.F. Herbst - J. Bergmans, 25 Julie 1895.
  - (2) Inspeksieverslag 1895, 4e Kwartaal, 22, (21 Nov. 1895.)
  - (3) OR 3286/96, Skoolkommissie - Dr. Mansvelt, 16 April 1896.
  - (4) OR 3693/96, P.J.F. Herbst - Dr. Mansvelt, 27 April 1896.
  - (5) OR 3816/96, S.P. Venter - Supt. van Onderwys, 4 Mei 1896.
  - (6) OR 3694/96, A. v.d.Woude - Supt. van Onderwys, 28 April 1896.
  - (7) OR 5670/96, N. Mansvelt - I. de Vries, (ongedateer).

Toe die skool in Julie 1896 geïnspekteer is, het die skool 107 leerlinge gehad, wat aangedui het dat die ontploffing van vier maande vantevore die skool nie te veel skade berokken het nie.(1)

"Select School" van mev. E. Bailie. Mev. E.

Bailie het die Onderwysdepartement in 1891 in kennis gestel van haar voorneme om 'n skool te begin.(2) Die skool is op 1 Oktober op die hoek van Joubert- en Breestrate geopen en het heelwat aan die nuwe leerlinge aangebied.(3) Die vakke aangebied was Hollands, Engels, klassieke, matesis, Frans, Latyn, Grieks, sang en kunsnaaldewerk (fancy work.)(4) Op haar skoolkommissie het kapt. Von Brandis (spesiale landdrost), A. Osborn (posmeester), dr. Schulz (geneesheer), dr. Hutchinson en W. Newby-Fraser gedien.(5) As 'n spesiale guns is mev. Bailie toegelaat om haar state vir subsidie maandeliks in te dien, mits die administrasie nie te groot word nie.(6)

Dic skool is op 15 Februarie 1892 deur Crots besoek, en is deur 98 leerlinge bygewoon.(7) Maar na die flinke begin het sake nie gevlot nie, want die dames wat haar bygestaan het as assistentes is afgekeur, omdat hulle nie behoorlik gekwalifiseer was nie.(8) Die skool met Engels as medium het nou 'n Besluitskool geword.(9) Met die/

(1) Inspeksieverslag 1896, 3e Kwartaal, 264.

(2) a. OD 8, E. Bailie - Wn. Supt. van Onderwys, 11 Aug. 1891.  
b. OD 9, J. Eloff - Wn. Supt. van Onderwys, 31 Julie 1891.  
31 Julie 1891.

(3) L.A. 694, Supt. van Onderwys Z.A.R., Kuriositeite.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

(6) a. OD 148, E. Bailie - Supt. van Onderwys, 9 Nov. 1891.  
b. OD 221, G.A. Ode - E. Bailie, (ongedateer.)

(7) Inspeksieverslag 1892, 1e Kwartaal, 31.

(8) OD 15, 120/93, F.P. Crots - N. Mansvelt, 23 Jan. 1893.

(9) a. Ibid.  
b. OD 226, 162/93, G.A. Ode - E. Bailie, 2 Febr. 1893.

die inspeksie van 16 Februarie 1893 het die inspekteur net mev. E. Bailie met 30 leerlinge daar gevind.(1) Toe aan haar vertel is dat sy haar behoorlik sal moet kwalifiseer volgens die eise van die nuwe wet, het mev. Bailie aangedui dat sy nie van plan was om langer skool te hou nie.(2) Die Superintendent was nie tevrede met die toestand van sake nie, en het aan Crots gevra of die dertig leerlinge volgens die nuwe wet onderrig sal word en of die dertig apart gehou sal word van die nuwelinge. Die verslae oor mev. Bailie is „niet schitterend” en voordat die dame volgens die nuwe wet gesubsidieer word, moes die inspekteur hom oortuig dat alles in orde was.(3) Crots het geantwoord dat sy aan die nuwe wet voldoen, maar beveel aan dat subsidie eers aan die einde van Junie uitbetaal moes word.(4) Sy kon dus nie verstaan waarom haar subsidie nie maandeliks ontvang word soos gereël was nie.(5) Die korrespondensie wat plaasgevind het, het haar tot die besluit laat kom om haar skool maar te sluit. Toe die inspekteur die skool in Januarie 1894 besoek, moes hy verneem dat dit sedert April 1893 gesluit is.(6)

(iii) Skole in Ferreirasdorp.

„Select West End School” van mej. J.P. van 't Haaff. Die skool is in Oktober 1894 deur mej. Jeannette van 't Haaff met omtrent 48 leerlinge geopen.(7)

In/

(1) Inspeksieverslag 1893, Ie Kwartaal, 43.

(2) OD 15, 198/93, F.P. Crots - G.A. Ode, 9 Febr. 1893.

(3) OD 226, 195/93, G.A. Ode - F.P. Crots, 10 Feb. 1893.

(4) OD 15, F.P. Crots - G.A. Ode, 13 Feb. 1893.

(5) a. OD 14, E. Bailie - G.A. Ode, 1 April 1893.  
b. OD 227, 396/93, G.A. Ode - F.P. Crots, 1 April 1893.  
c. OD 227, 397/93, G.A. Ode - E. Bailie, 1 April 1893.

(6) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 52.

(7) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 50.  
(Inspeksie 23 Jan. 1894.)

In April is aansoek gedoen om 'n staatsubsidie vir die skool.(1) Die ywerige onderwyseres het die skool self gereël en toe inspeksie in 1895 gedoen is, het die inspekteur die groot verskil in die ontwikkeling van die leerlinge opgemerk.(2) Die inspekteur wat die skool in Augustus besoek het, het die skool in 'n onwenslike toestand gevind want die banke was sonder rugleunings en daar was onvoldoende tafels vir die leerlinge. Die skool was in 'n gebou wat vir 'n kerk bestemd was, maar wat nou onbruikbaar is. Die inspekteur meld dat daar 28 leerlinge in die skool is, maar dat daar amper net so veel nasionaliteit verteenwoordig is as die getal kinders.(3) Die skool het geen bestaan gelewer vir die bekwame onderwyseres nie. Daar was wel 27 leerlinge in die skool, maar die skoolbesoek het veel te wense oorgelaat; trouens dit was uiters swak.(4)

Skool van B.B. Reid. 'n Skool is deur B.B. Reid in die Goudstad in Februarie 1892 geopen. Hy het ook aansoek gedoen om 'n subsidie volgens die Volksraadbesluit. Daar hy egter moes wag tot die eerskomende inspeksie voordat besluit sou word of hy subsidie sal ontvang, het hy nie verder met die Onderwysdepartement gekorrespondeer nie.(5)

(iv) Skole in Braamfontein.

Spes Bonaskool. Die Spes Bonaskool wat in Augustus 1889(6) in Brickstands (of Steenmakery) geopen is, het/

- (1) OD 117b, Aansoek om Subsidie, Select West End School.
- (2) Inspeksieverslag 1895, Ie Kwartaal, 9.  
(Inspeksie 7-8 Feb. 1895.)
- (3) Inspeksieverslag 1896, 3e Kwartaal, 265.
- (4) Inspeksieverslag 1897, Ie Kwartaal, 9.
- (5) a. OD 227, 680/93, J.F.E. Celliers-B.B. Reid, 24 Mei 1893.  
b. OD 227, 639/93, J.F.E. Celliers-B.B. Reid, (ongedat.)
- (6) OD 5, PH. Venter-Supt. van Onderwys, 27 Aug. 1889.

het onder C. Naude met rasse en skrede vooruitgegaan. Met die eerste inspeksie in April 1890 was daar ag-en-sestig leerlinge.(1) Die inspeksieverslae van 1892 het aangedui dat die skool hom by die bepaling van die skoolwet hou en daarom is hulp verleen toe dit aangevra is.(2) Toe die skool van Fourie hierby aangesluit het, het dit die skool gesterk sodat dit as 'n sentrale skool in die distrik beskou is. Met die groei van die skool is aansoek gedoen om grond, sodat 'n goeie skoolgebou opgerig kon word. Die grond is aan die begin van 1893 deur die Regering toegestaan.(3) Die grond aan die skool toegestaan, was 'n stuk: „begrensd door standplaatsen 2/20, 1/6, 44, 42, 40, 37 de Mellestraat, de Biccardstraat en de Spoorbaan, met dien verstande dat tusschen de Spoorbaan ruimte voor een straat zal ope blijven ter breedte van zestig voet..... dat de grond uitsluitend voor schooldoeleinden zal worden gebruikt.”(4) Die skoolkommissie het besluit om onmiddellik te bou en voor die end van 1893 was die skoolgebou voltooi. Die skool is op 5 Desember 1893 ingewy.(5) Mansvelt kon weens ongesteldheid nie teenwoordig wees nie.(6) Hy het 'n telegram gestuur waarin hy die skoolkommissie gelukgewens het met die bekroning van hul arbeid.(7)

Die inspeksie wat in Februarie 1893 plaasgevind het het die inspekteur so tevrede gestel dat hy Naude aanbeveel het/

(1) Inspeksieverslag 1889, 55.

(2) Inspeksieverslag 1892, Ie Deel, 24.  
(114 leerlinge in die skool.)

(3) Od 226, 29/93, N. Mansvelt - C. Naude, 6 Jan. 1893.

(4) OD 226, 70/93, G.A. Ode - C. Naude, 18 Jan. 1893.

(5) OD 228, 1354a/93 Supt. van Onderwys - Schoolcommissie vergaderd in Spes Bona School. Dienstelegram.

(6) OD 228, 13309/93, Supt. van Onderwys - C. Naude, 5 Okt. 1893. Dienstelegram 3 Okt. 1893.

(7) OD 228, 1354a/93, Supt. van Onderwys - Schoolcommissie, 5 Okt. 1893.

het vir 'n derdeklas sertifikaat.(1)

Vanaf die begin van 1894 het die heer Fourie, wat onder leiding van Naude gewerk het, vertrek om sy eie skool in die nuutgestigte Troyeville te begin en het blykbaar van sy leerlinge saamgeneem. Hy is deur die skoolkommissie ontslaan omdat hy nie behoorlik gekwalifiseerd was nie.(2) Die inspeksie in Januarie 1894 het aangedui dat die skool net 89 leerlinge het, waarvan die meeste nuwelinge was.(3)

Die bou van die skool het die skoolkommissie in skuld gedompel. Weer het hulle by die Onderwysdepartement aangeklop en is £1,000 toegestaan om die verband op die gebou af te betaal.(4) Die skool het gebloeい, want die inspekteur het tydens sy besoek in Oktober 1895 eenhonderd-vyf-en-sestig leerlinge in die skool gevind en sy klag was dat die ruimte te beperk was.(5) Naude het dit moeilik gevind om geskikte personeel te kry. Hy sou net subsidie ontvang as die lede van sy personeel hulle behoorlik volgens die wet kwalifiseer.(6) Hulle moes skriftelike belofte doen dat hulle die nodige eksamens tydens die eerskomende eksamen sou afle. (7)

Die/

(1) Inspeksieverslag 1894, Ie Kwartaal, 53. (29-30 Jan. 1894)

(2) OD 15, 301/93, W.M. Fourie - N. Mansveld, 2 Maart 1893.

(3) OR 1408/95 by OR 1408/95, P. van Os - Supt. van Onderwys, 20 Febr. 1895.

(4) a. OR 2087, J. Bergmans - Myncommissaris, 17 April 1894.  
b. OD 229, Supt. van Onderwys - Myncommissaris, Dienstelegram, 23 April 1894.  
c. OR 222/94, Supt. van Onderwys - Z. Ormel, 23 Apr. 1894.

(5) Inspeksieverslag 1895, 4e Kwartaal, (14-18 Okt. 1895.)

(6) a. OR 211/95 by OR 1408/95, K. Fouche -- Sec. van Dept. van Onderwys, 26 Sept. 1895.  
b. OR 1408/95 by OR 1408/95, P. van Os - Supt. van Onderwys, 20 Febr. 1895.

c. OR 6963/95 by OR 1408/95, A.H.H. Sausenthaler - P. van Os, 18 Sept. 1895.  
d. OR 7150/95 by OR 1408/95, P. van Os - Sec. van Dept. van Onderwys, 24 Sept. 1895.  
e. OR 8712/95 by OR 1408/95, A.H.H. Sausenthaler - P. van Os, 10 Des. 1895.

(7) OR 267/96, C. Naude - J. Bergmans, 13 Jan. 1896.

Die onluste tydens Jameson se poging om Johannesburg in te val, het die skool beïnvloed. Almal was entoesiates, en alhoewel hy drie keer 'n poging aangewend het om te open, het so min kinders opgedaag dat hy weer moes sluit.(1) Soos almal in Johannesburg het Naude hom oor die subsidie bekommer. Hy skryf: „Wij vertrouwen tewens dat dit verplichtend verzuime door deze treurige omstandigheden niet achterhouding of verlies van subsidie zal veroorzaken want onze positie is moeilijk en de toekomst is gansch niet bemoedigend.”(2) Die Onderwysdepartement was simpatiek gesind en het hom sy subsidie betaal.(3) Vanaf 1896 het 'n nuwe tydperk vir die skool aangebreek. Die inspekteur het gevind dat die skool hom nie aan die eise van die skoolwet hou nie, met die gevolg dat die nodige dreigemente van die Onderwysdepartement gevolg het.(4)

Skool van H.J. van Aswegen. Die skool is in die buurt van die Spes Bonaskool begin, en volgens Art. 10 van die nuwe onderwyswet kon die skool nie gesubsidieer word nie. Subsidie vir dertig leerlinge vir drie maande van die begin van die jaar tot einde April is aan hom toegestaan as tegemoetkoming vir wat hy gedoen het ten behoeve van die onderwys.(5) Hy het moeite gedoen om sy skool staande te hou, maar sonder sukses, daar hy nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie.(6)

(v) Skole/

(1) OR 267/96, C. Naude - J. Bergmans, 13 Jan. 1896.

(2) Ibid.

(3) OR 2481/96 by OR 5038/94 J. Bergmans - P. van Os, 26 Maart 1896.

(4) a. OR 3103/96 by OR 5038/94, J. Bergmans - C. Naude, 29 April 1896.  
b. OR 6418/96, J. Bergmans - C. Naude, 16 Sept. 1896.

(5) OR 1675/94, J. Bergmans - H.J. van Aswegen, 19 April 1894.

(6) OR 2433/94, J. Bergmans - H.J. van Aswegen, 9 Mei 1894.

(v) Skole in Jeppestown.

„St. Michael's College.” Toe die Biskop van Pretoria besluit het om meer gemeentes te stig, het St. Michael's skool tot stand gekom, onder die beheer van Geo. Perry, wat as priester vir Jeppestown aangestel is.(1) Toe Crots inspeksie aan die begin van 1892 gedoen het, het hy gevind dat die skool nie aan die vereistes van die skoolwet voldoen het nie, want daar was geen sprake van Hollands as medium nie.(2) Met die moeilikhede wat ontstaan het na die inspeksie van die Perserveranceskool, is die skool ook subsidie geweier, wat seker die geldsake van die skool beïnvloed het.(3) Nou is daar weer geadverteer vir leerlinge en is aangedui dat Engels die medium van onderrig was. Die skool het die pad gevolg van die ander private skole, wat subsidie ontsê is weens die strenge toepassing van die wet. Die kerk het nog skuld gehad van die beleggings van Darragh. Die St. Mary's Jongens en Meisieskole het gesluit, want sonder subsidie kon hulle nie vorder nie.(4) Die St. Michael's skool het gesukkel om weer subsidie te kry, en het gepleit vir die subsidie wat drie jaar uitbetaal was en wat om 'n „onbekende" rede hulle ontneem is.(5) John Russouw, wat as Hollandse onderwyser aan verskillende Engelse inrigtings verbonde was, soos „Congregational Day School" (1890-91), „West End School" van mev. Feely (1891) en „Select School" van mev. Bailie (1891-92) het sy werkzaamhede as Hollandse onderwyser aan die skool in Julie

1892/

(1) Dymond: Jeppe Jubilee, 19.

(2) a. OD 223, 163/92, N. Mansvelt - Staatssecretaris,  
15 Feb. 1892.  
b. OD 223, 162/92, N. Mansvelt - F.P. Crots, 15 Feb. 1892.

(3) OD 223, 162/92, N. Mansvelt-F.P. Crots, 15 Febr. 1892.

(4) Standard and Diggers News, 10 Maart 1892.

(5) a. OD 224, 650/92, G.A. Ode - Geo. Perry, 5 Mei 1892.  
b. OD 12, 1040/92, G. Perry - Secretaris van Onderwys,  
24 Aug. 1892.

1892 aanvaar.(1) Hy het hom vir 'n subsidie beywer en het belowe om alles in sy vermoë te doen om aan die wet te voldoen soos bv. om 'n skoolkommissie te kies volgens wet en geen Rooms-Katolieke in diens te neem nie.(2) Die aansoek van Russouw is aan inspekteur Crots aangestuur, maar hy het gevind dat die skool nog nie aan die vereistes van die wet voldoen nie, daar die hoof, Geo. Perry, geen woord Hollands kon besig nie.(3) Perry is gevra hoe hy 'n dokument, dat die medium van sy skool Hollands is, sonder voorbehoud kon teken wanneer dit nie die geval is nie, en waar slegs een uit die drie onderwysers die taal magtig is.(4) Subsidie is derhalwe geweier. Die skool het sonder subsidie voortgegaan en tog geslaag om staande te bly. Die skool, wat in 'n tweeverdiepinggebou gehuisves was, wat oorspronklik op die hoek van Crown- en Kommissarisstrate (Fordsburg) gestaan het, het na Jeppetown verhuis,(5) en het daar ook 'n kosskool gehad. Die skool is deur John Russouw oorgeneem, en was op die terrein wat vandag deur die "Jeppe High School" gebruik word.(6) Die skool het geadverteer vir leerlinge en het tydelik floreer.(7) Die skool is voorlopig deur die Witwatersrand

"Council/

- (1) OD 12, 1101/92, J. Russouw - Secretaris van Onderwys, 17 Sept. 1892.
- (2) a. OD 12, 1147/92, J. Russouw - G.A. Ode, 3 Okt. 1892.  
b. OD 13, 1163/92, J. Russouw - G.A. Ode, 8 Okt. 1892.  
c. OD 12, 1177/92, J. Russouw - Secretaris van Onderwys, 11 Okt. 1892.
- (3) a. OD 226, 1374/92, G.A. Ode - J.H. Russouw, 7 Des. 1892.  
b. OD 226, 1377/92, G.A. Ode - F.P. Crots, 7 Des. 1892.  
c. OD 226, 1/93, N. Mansveld - J.H. Russouw, 2 Jan. 1893.
- (4) a. OD 226, 95/93, N. Mansveld - F.P. Crots, 23 Jan. 1893..  
b. OD 226, 122/93, G.A. Ode - Geo. Perry, 26 Jan. 1893.
- (5) Jeppe High School for Boys, Souvenir Brochure, 1.
- (6) a. Ibid.  
b. Dymond: Jeppe Jubilee, 19.
- (7) a. OR 3876/95, Biljet 13/2/95, St. Michael's College, Hollandsch en Engelsch School, 351 Commissionerstraat....neemt ook kosscholieren aan per week, maand of kwartaal.  
b. OR 6548/95 Brosjyre vir St. Michael's School.  
c. LA 694, Supt. van Onderwys, Z.A.R.: Kuriositeite.

"Council of Education" gehelp, maar het in 1897 gesluit. Die gebou is deur die „Jeppestown Grammar School" ingeneem, 'n skool van die „Council of Education."

(vi) Skole in Turffontein.

Skole in Turffontein en Omgewing. Die staatsondersteunde skool in Turffontein het op 9 Junie 1890 'n aanvang geneem.(1) Die huur van die skool was hoog en die Onderwysdepartement is genader om daarmee te help.(2) Dit het met een van die grootste probleme van die goudvelde te kampe gehad. Die meerderheid van die inwoners van Turffontein was Engels of Engelsgesind, en Naude het gevoel dat Engels die voertaal sou moes word met die nodige vertaling.(3) Hy het probeer om sy skool volgens die wet te reëel deur Hollands as voertaal te gebruik, maar die mense het die lewe vir hom ondraaglik gemaak. Hulle het so ver gegaan om die wens uit te spreek om 'n opposisie-skool te open. Naude sou dus baie leerlinge verloor. Hy was so ongelukkig dat hy lus gevoel het om die skool nie weer na die Desembervakansie te heropen nie.(4) Die inspeksie van die 39 leerlinge in die skool in Februarie 1891 het goed afgeloop.(5) Die skool het stadig gegroei tot 51 leerlinge in Maart 1892 en A. Naude is deur Crots vir 'n sertifikaat van die „Derde Rang" aanbeveel.

'n Skool wat opposisie vir sy skool was, was die van mej. Frederika Potgieter in Ophirton. Van sy leerlinge het na haar skool gegaan.(6) Naude het vooruit gebeur maar toe die nuwe skoolwet in werking getree het, moes/

(1) OD 7, A. Naude - Wn. Supt. van Onderwys, 6 Junie 1890.

(2) OD 7, A.H. Naude - Supt. van Onderwys, 1 Julie 1890.

(3) OD 8, A.H. Naude - Supt. van Onderwys, 17 Mei 1890.

(4) OD 9, A.H. Naude - Supt. van Onderwys, 1 Jan. 1891.

(5) Inspeksieverslag 1890, 80.

(6) OD 9, A.H. Naude - Supt. van Onderwys, 1 Jan. 1891.

moes hy sy subsidie prysgee(1) en gevolglik het hy maar sy skool gesluit en het as onderwyser by die ander skole gaan aanklop om werk.

Publieke Skool, Turffontein. Nadat Naude nie meer 'n subsidie vir sy skool kon ontvang nie, het hy maar sy deure gesluit en elders gaan werk soek. Hy het eers voortgegaan as 'n Besluitskool.(2) Die skool het aangesukkel en tot die end van 1895 van een huis na die ander getrek.(3) Maar die skool het so 'n sukkelbestaan gevoer tydens en na die onluste in Johannesburg dat dit gesluit is.(4) Die „Schoolcommissie verklaart dat de sluiting der school alhier geschied onafhankelijk van den onderwijzer -- maar door de jongste politieke onrust alhier, zijnde meeste kinderen met hunne ouders vertrokken, anderen willen nog vertrekken, en daarbij zijn de mazelen onder de overgeblevene kinderen uitgebroken, zoodat wij de onderwijzer op zijn verzoek veilig eervol ontslag verleenen."(5)

(vii) Skool in Ophirton.

Ophirtonskool van J.H.C. van Nellensteyn.

Sommige van die skole wat in Johannesburg gestig is, het gou weer verdwyn. Ook kan afgelei word watter soort onderwysers in die Goudstad te kry was. Die heer J.H.C. van Nellensteyn het die Onderwysdepartement in

kennis/

(1) OD 226, 149/93, G.A. Ode - A.H. Naude, 31 Jan. 1893.

(2) a. OD 15, A.H. Naude - G.A. Ode, 30 Junie 1893.  
b. OD 15, P.J. Pentz, 2 Nov. 1893. Aansoek om Subsidie.

(3) a. OR 8388/95, J. v.d. Werf-Supt. van Ond. 29 Okt. 1895.  
b. OR 5591/95, J. v.d. Werf - Supt. van Onderwys,  
29 Julie 1895.

(4) OR 765/96, J. v.d. Werf - Supt. van Onderwys,  
31 Jan. 1896. Schoolbestuur - Supt. van Onderwys,  
aangeheg aan bostaande brief.

(5) Ibid.

kennis gestel dat hy 'n skool op 14 Februarie 1895 in Ophirton, grensende aan Turffontein, sou open.(1) Voor hy subsidie kon ontvang, moes sy skool geïnspekteer word. Toe die inspekteur die skool aan die einde van Mei 1895 'n besoek gebring het, het hy ontdek dat dit veertien dae na die opening weer gesluit het, as gevolg van die daelange dronkenskap van die onderwyser.(2) Ouers het hul kinders uit die skool geneem en die kommissie verplig om die skool te sluit.(3)

Die inspekteur meld verder dat die episode 'n skandvlek op die Hollanders gebring het onder die Engels- en Hollandssprekendes.(4)

#### (viii) Skool in Troyeville.

Troyevilleskool van W.M. Fourie. Nadat die bou van 'n spoorlyn na Johannesburg voltooi is, het daar nog mense na Johannesburg gestroom. Nieteenstaande verwag is dat die goudvelde gou tot niet sou gaan, het dit tog nog voortgeduur.

Die vooruitgang van Johannesburg is in die groei van die stad weerspieël. In 1892 is die voorstad van Troyeville aan die noordelike hang van een van die koppies uitgelê en standpase is gou verkoop.(5)

Fourie wat met sy leerlinge van die Gospel Hall gekom het en met die Spes Bonaskool saamgesmelt het, het gevoel dat hy weer sy eie skool wou hê. Hy het aansoek gedoen/

(1) OR 1982/95, J.H.C. van Nellensteyn - J. Bergmans, 7 Maart 1895.

(2) Inspeksieverslag 1895, 2de Kwartaal, 31 Mei 1895.

(3) OR 3961/95, C.G. de Jonge - J. Bergmans, 1 Junie 1895.

(4) Ibid.

(5) Star, 16 Augustus 1892.

gedoen om toestemming om 'n skool in die buurt te open.(1) Die skool sou geen skade aan bestaande skole berokken nie, daar dit ver van hulle geleë was. Fourie is deur die skoolkommissie van die Spes Bonaskool ontslaan, omdat hy nie die eksamen afgelê het nie. Fourie kon nie verstaan dat 'n man, nl. C. Naudé, wat swakker kwalifikasies as hy besit, hoof kon bly nie, terwyl hy afgedank is.(2) Toestemming is aan hom verleen op voorwaarde dat hy die skool volgens wet sou reël en in September die eksamen afle.(3) Die skool was maar klein toe dit in Junie 1893 gestig is. Slegs negentien leerlinge het die skool bygewoon. Hy het die skool die naam „Ebenhaezer“ gegee en stadiig het sy aantal leerlinge gegroei sodat dit by die eerste inspeksie tot 30 gestyg het.(4) Die inspekteur het vroeër opgemerk dat die lokaal vir die leerlinge veels te klein is,(5) want Fourie het gemaak soos menige ander om 'n vertrek van sy huis aan die skool af te staan.(6) Toe die inspekteur die 50 leerlinge in November 1893 geïnspekteer het, het hy gevind dat daar omtrent 15 skooltjies alleen in die buurt geopen het, klein skooltjies wat nie doeltreffend kons wees nie.(7) Soos Robinson aangedui het, het private skole in hul getalle orals ontstaan waar die dames meer geld uit skoolgeld kon verdien as om klere te maak.(8)

Met/

- (1) a. OD 227, 479/93, N. Mansveld - Crots. Diensttelegram, April 1893.  
b. OD 15, 301/93, W.M. Fourie - N. Mansveld, 2 Mrt. 1893.
- (2) OD 226, 301/93, N. Mansveld - W.M. Fourie, 9 Maart 1893.
- (3) OD 227, 5240/93, G.A. Ode - W. Fourie, 24 April 1893.
- (4) Inspeksieverslag 187a, Ie Kwartaal, 51. (24 Jan. 1894).
- (5) Inspeksieverslag 1895, Ie Kwartaal 1895, 15. (26 - 28 Feb. 1895.)
- (6) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 340.
- (7) Inspeksieverslag 1895, 4e Kwartaal, 19. (20 Nov. 1895).
- (8) Sec. Tvl. Adm. 1027: Robinson: Sketch of the History of Educational Work in the S.A.R.

Met die komst van die staatskole het die stryd om die behoud van die skool ontstaan.

(ix) Skole in Brickstands.

Tak Burgersdorp, Spes Bona. Die Spes Bona-skool is as puik beskou en toe die skool van die heer H.J. van Aswegen gesluit is, omdat **hy** geen ondersteuning van die Onderwysdepartement kon kry nie, het die Spes Bonaskool gevoel dat die enigste oplossing 'n takskool in die arm deel sou wees. „Aangezien er (die skool van Van Aswegen) in de onmiddelijk nabijheid d.w.z. in het lokaal bekend as de 'Brickfields' zich een aantal van ongeveer 60 tot 80 kinderen bevind waarvan minstens 2/3 tot de onvermogende stand behooren en zelfs niet op de gewonen scholen alhier zouden opgenomen kunnen worden wegens de armoedige enz. is het Comité van de Spes Bona School tot het besluit gekomen, met Uw. Ed. goedkeuring om aldaar een tak school op te richten, als die kinderen anders gheel en al zonder opvoeding moeten blijven."(1) Die kommissie het tot die besluit gekom nadat 'n aansoek van die kerkraad van die Verenigde Kerk ontvang is.(2) Die Onderwysdepartement het geen beswaar geopper nie, maar het die sekretaris van die skoolkommissie in kennis gestel dat die skool alleenlik gesubsidieer sou word totdat die skool van J. van Bruggen, die Progymnasium, geopen word.(3) Die skool is toe op 8 Oktober met 35 leerlinge geopen, maar het binne 'n maande 46 leerlinge gehad.(4) Toe die skool in Januarie 1895 geïnspekteer is, is gevind dat sommige van die 60 leerlinge taamlik gevorderd in leeftyd (ongeveer 16 jaar) was. Verreweg die meeste was behoeftige Afrikaanse kinders./

(1) OR 5308/94, P. v. Os - Supt. van Onderwys, 29 Sept. 1895.

(2) Ibid.

(3) OR 5308/94, J. Bergmans - P. van Os, Okt. 1894.

(4) a. OR 2615/94, Z. Ormel-Dept. van Onderwys, 5 Nov. 1894.  
b. OR 1523/95, P. van Os-Supt. van Onderwys, 26 Feb. 1895.

kinders. Die toestand was uiters treurig. Onder die omstandighede wat daar geheers het, was die opvoeding alhoewel op 'n lae peil, waardevol.(1) Met die onluste aan die begin van 1896, toe die "Reformers" met Jameson probeer het om Johannesburg in te neem, het die skool ook daaronder gely. Ormel kla dat: „de meeste van de school commissie leden niet in de stad zijn, namelijk drie. De zaak is deze er zijn een groot gedeelte kinderen met hunne ouders gevlykt. En ten andere dat gedeelte wat er is zijn een gedeelte bevreesd om zich van huis te begeven, zal zoo vol vrees zijn en daardoor onoplettend dat het moeilijk zal zijn hen te leeren."(2)

Die skool het aangesukkel en die ou heer Ormel het gestreef om 'n bietjie opvoedingswerk te verrig. Ormel het die toestande weersens verduidelik toe planne beraam is om sy skool te sluit: „In de eerste plaats moet verstaan worden dat in deze wijk 't meest behoeftige menschen wonen. En dat de moeders dikwijls genoodzaakt zijn om uit te werken, (de kinderen) die niet direct school gaan, met de andere kinderen mede, om ze voor ongelukken te vrijwaren. Ten tweede was de school juis in den tijd aan het toenemen. Zoo dat ik in het daarop volgend kwartaal verplicht was een assistente aan te stellen."(3)

Skool van J.C. Diehl. Mansvelt het opgemerk dat baie skole net aangehou is om subsidie te kry. Die geld het na die onderwyser gegaan, en weinig is gedoen om onderwys te bevorder. In Julie 1893 het die heer Diehl die Onderwysdepartement om 'n subsidie genader, indien hy 'n skool in Brickstands (steenmakery) stig.(4) Dit is geweier/

(1) Inspeksieverslag 1895, Ie Kwartaal. (21 Jan. 1895).

(2) OR 62/96, Z. Ormel - Supt. van Onderwys, 4 Jan. 1896.

(3) OR 1459/97, Z. Ormel - Supt. van Onderwys, 9 Feb. 1897.

(4) OD 15, 1003/93, J.C. Diehl - Supt. van Onderwys, 24 Julie 1893.

geweier, daar die inspekteur aangedui het dat die Spes Bona- en Selectskool van mev. Bailie voldoende voorsiening vir die onderwysbehoeftes van die omgewing maak. Die Superintendent het geen vryheid om by te dra tot „de ongemotiveerde vermeerdering van het aantal scholen op een bepaalde plek."(1)

(x) Skool in Doornfontein.

St. Mary's College." Met die moeilikhede wat ontstaan het as gevolg van die ontdekking dat nie-blanke kinders in die skole van die Anglikaanse Kerk toegelaat is, het die skool ook sy subsidie verloor. Ook toe die skool van nader ondersoek is, is gevind dat die medium daar Engels was, en dus nie aan die wet voldoen het nie.(2) Gevolglik het die skool die subsidie verloor. Darragh is in kennis gestel dat die subsidie vir die skool en die St. Michael's skool na het einde van dit loopende kwartaal ophoud te bestaan. De grond van dit besluit genomen door de Hoog Edele Regeering, bij minute R1841/92, datum 2 Maart 1892, berust op het bestaan en het houden der genoemde scholen in strijd met de wet, aangezien het medium van onderwijs niet Hollandsch was, noch is, aan de genoemde scholen."(3) Die reëlings wat Darragh met Du Toit getref het, is nie in aanmerking geneem nie. Die skool het tog vooruitgegaan.. In Julie 1894 het die skool uit drie afdelings bestaan: 'n kleuterskool, 'n laerskool en 'n hoërskool, almal in dieselfde gebou in Beitstraat, Doornfontein.(4) Mej. Orr het probeer om 'n subsidie as  
'n/

- (1) a. OD 228, 1008/93, J.F.E. Celliers - J.C. Diehl,  
28 Julie 1893.  
b. OD 228, 1359/93, G.A. Ode - J.C. Diehl. (ongedateer).
- (2) a. OD 223, 162/92, N. Mansvelt - F.P. Crots, 15 Feb. 1892.  
b. OD 223, N. Mansvelt - Staatsekr., 14 Feb. 1892.  
c. OD 223, 291/92, G.A. Ode - J.T. Darragh, 5 Maart 1892.
- (3) OD 223, 302/92, G.A. Ode - J.T. Darragh, 7 Maart 1892.
- (4) Standard and Diggers News, 4 Julie 1894.

'n besluitskool te ontvang, en het Mansveld gevra om vir haar geskikte onderwysers te kry.(1) P.K. Bennink Jansonius, 'n gegradeerde van Leiden Universiteit het, benewens sy menigvuldige werk soos vertaler, briewe-skrywer en waardeerder, ook vanaf Junie 1895 bedags Hollands aan die skool onderrig.(2) Mej. Orr het uitgesien na die samewerking met die Regering, want sy het dit ook moeilik gevind om 'n bestaan te maak.(3) Die skool se subsidie is goedgekeur en Hollands is in die kleuter- en laer afdelings van die skool onderrig.(4) Die skool is van Saratogalaan na 'n huis verplaas net ten suide van die stasie in Sherwellstraat.(5) Mej. Holmes-Orr het nou van mev. P.E. Hamer, wat haar onderhoof was, geskei. Sy self het aan die "St. Mary's College" voortgebou, terwyl mev. Hamer die senior-afdeling van die College in "Doornfontein High School for Girls" omgeskop het.(6) Die skool het voortbestaan en met die inspoksie in Maart 1897 is daar 52 leerlinge deur die inspekteur gevind.(7) Mej. Holmes-Orr met haar afdeling het 56 leerlinge gehad.(8) Die skool het gegroei maar baie van die nuwelinge was kinders van Afrikaanso ouers. Volgens die wet kon subsidie nie aan hulle toegestaan word nie.(9)

#### 4. Invloed/

- (1) OR 6223/94, K.J. Holmes-Orr - Dr. Mansveld, 6 Nov. 1894.
- (2) OR 5638/95, P.K. Bennink Jansonius - Supt. van Onderwys, 22 Julie 1895.
- (3) OR 8396/95, K.J. Holmes-Orr - Dr. Mansveld, 31 Okt. 1895.
- (4) OR 10385/96, J. Jeppe - Supt. van Onderwys, 12 Nov. 1896.
- (5) OR 4945/96, E. Berlein - Supt. van Onderwys, (ongedateer).
- (6) Ibid.
- (7) Inspeksieverslag 1897, Ie Kwartaal, 18.
- (8) Inspeksieverslag 1896, Ie Kwartaal, 71.
- (9) Inspeksieverslag 1896, 2e Kwartaal, 38.

4. Invloed van Wetgewing 1892 op die Groei van Skole.

Die inspeksiereis van Crots aan die begin van 1892 het as 'n skok vir Johannesburg gekom. Die stiptelike nakoming van die wet het die skole vir die jeug gesluit asook vyande van die vreemdelinge gemaak. Dit word erken dat die meeste van die skole geopen is slegs vir die subsidie wat van die Regering verkry kon word. Die subsidie is in die eerste plek as loon beskou, en as die loon dus ontnem word, moes ander plante bereaan word om staande te bly.

Die eerste reaksie van Engelse skole wat voorheen subsidie ontvang het en dit nou ontsê is, was om Hollands gheel en al uit die skool te verban. Die wetgewing wat in Junie gepasseer is, het regmatig probeer om onderwys te verbeter deur onderwysers met beter kwalifikasies te lok. Die enigste onderwysers wat enige kwalifikasies besit het, was 6f Hollanders of Kolonialers. Dic gevolg was dat ontevredenheid ontstaan het toe Hollanders soos Van Bruggen 'n skool in Brickfields kon open maar H.J. van Aswegen nie.

Die Nod. Herv. of Geref. Kerke het gebelyk gevoel oor die regte wat die Onderwysdepartement in die nuwe wetgewing hom toegeëien het, en het dus probeer om voort te gaan sonder hulp van die departement soos in die "Johannesburg Public School" getoon wat ontstaan het uit die Opvoedingsinstituut. Die uitlanders is in 1892 deur Chas. Leonard aangewakker en na hulle gesukkel het om te bestaan, het hulle nou hul oë na die "Council" vir leiding gerig.

5. Ontevredenheid in Johannesburg.

(a) Politieke Agitasie 1892 - 1893.

Dic onderwys was aan die einde van 1890 in 'n benarde/

benarde toestand en die euwels kon nie maklik verbeter word nie. In Johannesburg was honderde ouers wat hul kinders nie Hollands kon laat leer nie, omdat die skole wat die kinders bygewoon het nie subsidie kon ontvang nie. Die beweging sou meebring dat goeie skole tot stand sou kom, sodat leerlinge hier opgevoed kon word.(1) Dit is besef dat die menigvuldige skooltjies wat tot stand gekom het, nie van veel nut was nie. Die Engelse skole wat wel Hollands onderrig het, het met die inspeksie aan die begin van 1892 hul subsidies verloor en die reaksie van Johannesburg is soos volg in 'n advertensie in die "Standard and Diggers News" van 10 Maart 1892 saamgevat:

"As the teaching of Dutch will be discontinued in several schools at the end of the month a Dutch class will be opened for Boys and Girls on April 2. Apply J. Prilléwitz."

Toe die verandering wat in die konsepwet beplan is, bekend gemaak is, het dit Johannesburg veral ontstel. Toe hulle sien hoe min Engels in gesubsidieerde skole toegelaat sou word, het hulle reageer: "that as far as Johannesburg is concerned, if the government will not conceal the full advantages which we are entitled to claim in return for all that the land has done for the country, we cannot allow the education of our rising generation to be hampered and impeded for the sake of the subsidy. We must decline the subsidy, under such restrictions and take the cause of education entirely into our own hands."(2)

Darragh, wat altyd as regverdig in sy optrede beskou kon word, het tot die verdediging van die Onderwysdepartement gesnel by 'n vergadering wat die vorige aand gehou is, waar besluit is om 'n monsterpetisie aan die Regering te stuur. Darragh het laat by die vergadering opgedaag/

---

(1) Star, 2 Mei 1891.

(2) Ibid., 11 Maart 1892.

opgedaan en meld dat: "I should be sorry to be identified with the rather blatant Jingoism which characterised some of the speeches.....The existing law requires Dutch to be the sole medium of education in state aided schools and the Education Department made, nearly five years ago, an unwritten concordat, by which English schools provided that Dutch was taught bona fide, to all pupils in such schools. This concordat has been shamefully abused."(1) Die skuld het indirek op die Onderwysdepartement gerus, want die ongenoegsame inspeksies het die onderwysers aangemoedig om laks te wees, sowel as om toe te laat dat 'n menigte skole geopen is net om 'n subsidie te trek en nie veel aandag aan die verkryging van skoolgelde te wy nie. Mansvelt het opgetree om die toestand te beredder.(2)

Die onderwys het almal se aandag getrek. Toe die direksievergadering van die Booysenshotel op 7 April 1892 gehou is, het die hoer Caldecott gevoel dat, alhoewel dit iedereen se plig is om sy regering te ondersteun, hy deur middel van petisies, deputasies en openbare vergaderings sy sienswyse aan die regering bekend moes maak. As dit nie deur Mansvelt goedgekeur word nie, sou 'n Engelse hoërskool, sonder kerkverband, geopen moes word om sekondêre onderwys te verskaf. Hollands sou in die skool onderrig word, sodat die opkomende geslag sy plek in die sosiale en politieke vooruitgang van die land kan inneem.(3) Die nuusblaai het hul deel in die bespreking van die veranderings in die onderwyswet bygedra. Sommige het aanbeveel om nie so haastig te oordeel nie.(4) Die inhoud van die monsterpetisies, soos deur die "Teacher's Association/

(1) Star, 7 April 1892.

(2) Ibid.

(3) Ibis., 8 April 1892.

(4) Bv. The Press aangehaal deur Star, 7 April 1892.

"Association" besluit om aan die Onderwysdepartement op 4 April te stuur, (1) het duidelik gevra dat die Engelse skole wat Hollands as vak onderrig, gesubsidieer moes word, net soos die geval was voor die ontheffing van subsidies deur Crots. (2) 'n Monstercmemorie is ook opgestel waarin aangedui is dat die uitlanders, Engelse en Duitsers, die grootste deel van die belasting dra, en dat hulle ook van subsidies vir hul skole voorsien moes word. Rooms-Katolieke en Jode behoort ook in hul opvoedkundige pogings ondersteun te word. (3)

Met die groeiende ontevredenheid is planne beraam om 'n "National Union" te stig. 'n Eerste vergadering om die onderwys in Transvaal te bespreek, sou in Julie 1893 gehou word. (4) Intussen het die stryd in die nuusblaaie en elders toegeneem. Die rigting is aangedui: "There must be either coalition or collision with those who are at present so ill-advised as to withhold their consent to our just and lawful demands is a foregone conclusion. To prevent the latter possibility let us once and for all make a determined stand for our rightful privileges (if not for ourselves, for the sake of those who are to come after us) as freeborn men." (5) Die gewone klag is gedurigdeur geopper. Die uitlander het gekom en die Republiek ryk gemaak maar ontvang geen voorregte nie. (6) Die magte van die uitlander het vir sy regte begin saamstaan. Die preliminêre vergadering wat in Julie gehou is, het op 'n vergadering uitgeloop wat op 22 Augustus 1892 gehou is/

(1) Standard and Diggers News, 5 April 1892.

(2) Ibid., 3 Mei 1892.

(3) Ibid., 10 Mei 1892.

(4) Ibid., 15 Julie 1893.

(5) Star, 15 Augustus 1892. Brief van "Fiat Justitiae."

(6) Ibid., 18 Augustus 1892. Brief van "Uitlander."

gehou is, toe die „National Union" gestig is.(1) Die „Star" het met propaganda vir die vergadering voorafgegaan: „There is a firm resolve to grapple with a problem which on superficial survey seems so unsolvable, but which must have a solution if the future is to be one of uninterrupted prosperity."(2) Op die vergadering was omtrent 3,000 mense aanwesig, en die vergadering is deur die spreker wat eerste voorsitter van die „National Union" geword het, aangemoedig om die Union by te staan.(3) Die vergadering het besluit om op 1 September 1892 'n deputasie na die President te stuur om die grieve op te los. Daar het nie veel van gekom nie.(4) Sekere Afrikaners soos John Celliers, verteenwoordiger van Johannesburg in die Tweede Volksraad, en Esselen, 'n voormalige regter van die Transvaal, het hulle met die doel en strewe van die „National Union" vereenselwig.(5) Die „Star" het die „National Union" vergelyk met die Afrikanerbond in die Kaap wat strewe betref.(6) Op 3 Oktober is 'n ooreenkoms deur die „National Union" en die mynwerkers gesluit, sodat die beweging nou reg was om verder te agiteer.(7) Alhoewel Tudhope, voorsitter was, het Chas. Leonard, 'n prokureur, die rigting van die beweging aangedui.

(b) Ontevredenheid/

(1) a. Standard and Diggers News, 22 Augustus 1892.  
b. Star, 22 Augustus 1892.

(2) Star, Ibid.

(3) a. Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Z.A.R., 570.  
b. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 207-208.  
c. Vulliamy: Outlanders, 164.  
d. Statham: Paul Kruger, 181.

(4) Ploeger: Op cit.

(5) Hillier: Raid and Reform, 37-38.

(6) Star, 22 Augustus 1892.

(7) Van Oordt: Ibid., 569.

(b) Ontevredenheid van die Uitlanders, 1893 - 94.

In Januarie 1893 het die nuwe onderwyswet in werking getree. Hierdie wet was uitsluitlik bedoel vir die kinders van die burgers wat almal deur middel van Hollands opgelei sou word.(1) Vir die uitlanders was daar die skole wat volgens die besluit van die Eerste Volksraad 1 Junie 1892 subsidie op sekere voorwaardes kon kry. Die besluit het gestreef om die uitlander te help om die landstaal aan te leer maar die stiptelike nakoming van die besluit het dit moeilik vir skole gemaak om die subsidie te kry. Min onderwysers, selfs die Hollandssprekendes, het bevredigende kwalifikasies besit om Hollands aan 'n Engelsmediumskool te onderrig. Mej. Holmes-Orr het so ver gegaan om Mansvelt om dames te nader wat ingevoer sou word, alhoewel sy plaaslikes sou verkies.(2) Die Engels-sprekendes het met die Regering fout gevind, want hulle het gevoel dat hulle die grootste deel van die belastings betaal het. Alhoewel die „National Union" hoofsaaklik sy ontstaan te danke het aan die strewe na politieke regte, het die strewe mettertyd alle regte, wat die uitlander hom moontlik kon toeëien, ingesluit. So het Tudhope, die voorsitter van die stigtingsvergadering in sy rede van die verwaarloosing van die onderwys melding gemaak.(3) Hy het blykbaar na onderwystoestande in Johannesburg verwys en die gebrek aan ondersteuning van Engelse skole deur die Regering. Die deputasie wat op die vergadering gevolg het, het sake nie verbeter nie. Gedurende 1893 het die presidentsverkiesing plaasgevind. Die uitlanders in

Johannesburg/

(1) a. Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 194-198.  
 b. Hoogenhout: De Wetgeving op het Onderwijs in de Z.A.R. (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 60.  
 c. Wet No. 8 van 1892, Art. 77.

(2) OR 6223/94, K.J. Orr - Dr. Mansvelt, 6 Nov. 1894.

(3) Standard and Diggers News, 22 Augustus 1892.

Johannesburg het openlik gehoop dat 'n verandering in die presidentskap sou kom, sodat die opposisieparty, wat simpatieker teenoor die uitlanders was, in beheer sou kom. Ewald Esselen, die hoof van Joubert se verkiesings-komitee(1), het aan die stigtingsplegtigheid van die "National Union" deelgeneem. Toe in Mei, na die verkie-sing, bekend gemaak is dat Kruger weer tot president gekies is, maar nie met 'n groot meerderheid nie, het die uitlanders hulle weer begin beywer vir die regte wat hulle vir hulself toegeeëien het. Na die strewe van 1892 het dit 'n tydjie geneem om die stilte van 1893 te breek.

In 1894 het die uitlanders weer opstandig geword toe vyf uitlanders, wat gedwing is om op kommando te gaan, geweier het. Na 'n hofsaak is hulle verplig om op kommando te gaan.(2)

Intussen het die onderwysstryd voortgegaan. In Maart 1894 is 'n vergadering by die Heriotmyn belê, waar gevoel is dat die houding van die Regering dit onmoontlik vir baie van die Engelse skole maak om subsidie te kry.(3) Weer het hulle besluit om 'n petisie by die Volksraad in te dien voordat Hollands geheel en al sy plek in die leerplan van die Engelse skole sou verloor.(4) Die feit dat die Superintendent nie erkenning aan die "Teachers' Association" wou verleen nie, terwyl nie-gesubsidiëerde onderwysers lede is, het heelwat bespreking uitgelok.(5) Hulle het besluit om 'n "Independent Teachers' Association" te stig.(6) Aangesien die welsyn van die staat van die onderwys/

(1) Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Z.A.R., 571.

(2) a. Ibid., 591.  
b. Hillier: Raid and Reform, 142 - 143.

(3) Standard and Diggers News, 12 Maart 1894.

(4) Ibid.

(5) Ibid., 4 April 1894.

(6) Ibid., 7 April 1894.

onderwys afhang, en baie nie daar toe in staat is om vir die onderwys te betaal nie, het die petisie wat voor die Volksraad geleë sou word, gevra dat Wet No.8 van 1892 die leerlinge van Johannesburg gedeeltelik onder die wet en gedeeltelik onder die besluit van die Volksraad sou plaas. Gevolglik het daar verwarring, moeite en onsekerheid van uitbetaling en onnodiige verkwisting van energie ontstaan. Daar subsidie net twee keer per jaar uitbetaal is, is dit vir skole moeilik gemaak om hul rekenings te vereffen. Hulle, die petisionarisse, versoek: -

'n Verhoging van toelaes vir skole wat onder die Volksraadbesluit van 1 Junie 1892 staan;

dat die subsidie vir al die leerlinge in die skool betaal sal word (quantively);

dat die betaling volgens standerds uit die weg geruim en in plek daarvan 'n gemiddelde toelae betaal sal word.(1)

In die „Standard and Diggers News” van dieselfde datum het W.J.M. Marren voorgestel dat die doseer van 'n moderne taal in gesubsidieerde skole toeglaat moes word. Wat die besluitskole betref, is aangeraai dat subsidie kwartaalliks betaal moes word, dat die standaard vir slaag van een klas na die ander verlaag moes word, en dat alle leerlinge, ongeag die nasionaliteit, toegelaat moes word om subsidie te ontvang.(2) Die ou argument, dat die uitlanders, omdat hulle drie-kwart van die inkomste van die land verskaf, dus ook drie-kwart van die totale koste van die onderwys dra (met uitsondering van skoolgelde), is weer geopper. Die skole vir kinders van die uitlanders kry nietemin weinig hiervan, met die gevolg dat die skole nie 'n behoorlike bestaan kon voer nie. 'n Voorbeeld

wat/

(1) a. Standard and Diggers News, 7 April 1894.  
b. Not. V.R. 6 Sept. 1894, Art. 1600.

(2) Standard and Diggers News, 9 April 1894.

wat deur hom aangetoon is, is die Johannesburg „Public School" wat ontstaan het uit die Opvoedingsinstituut toe die Ned. Herv. of Geref. Kerk nie kans gesien het om met die Onderwysdepartement saam te werk nie. Die skool toon 'n tekort van £400. Hier is Hollands verpligtend in die skool.(1) Dat toestande nie gesond was nie, het duidelik geblyk. Die botsing tussen die ou en nuwe bevolking van die Republiek het voortgeduur. Een skrywer het die Engelse blameer vir die ongunstige verhouding.

„Johannesburg has last year taken up a position of protest against Professor Mansvelt's new School Law. Several leading and influential public men and teachers have taken steps whereby the government grants-in-aid were declined and schools were guaranteed support without them..... I do not blame the Johannesburg Teachers who gave at the Teachers Conference the very satisfactory explanation that they were doing their best to persuade parents to have their children to learn more Dutch and that they would gladly accept grants-in-aid."(2) Hy beweer verder dat samewerking met die Hollandssprekendes die enigste uitweg is.

'n Openbare vergadering is op 18 Junie 1894 deur die „Johannesburg Teachers' Association" gereël. Daar is besluit om die Regering te nader om 'n groter en milder ondersteuning vir die Besluitskole.(3) Skoolkommissies het dit moeilik gevind om die skole in stand te hou en hoofde om geskikte personeel te kry. Onderwysers wat nie met die aangebode salarissose kon bestaan nie, is deur die resolusie beïnvloed. Dic heer Van Bruggen, wat die vergadering bygewoon het, het aangedui dat die skole wat gewillig/

(1) Standard and Diggers News, 23 Mei 1894.

(2) Ibid., 28 Mei 1894. Brief van Tullochgorum.

(3) Ibid., 19 Junie 1894.

gewillig was om Hollands volgens die eise van die Regering te onderrig, voldoende subsidie kon kry. Die penarie, waarin die Engelse skole hulle bevind het, is deur hulself teweeg gebring deur hul opposisie teen die nuwe onderwyswet.(1) Die heer Graham, voorsitter van die vereniging, het gesê; dat die huidige wet onprakties was, omdat die hoë of Hollandse subsidie buite die bereik van die skole op die Witwatersrand is; die subsidie aan die besluitskole aangebied was weinig werd weens restriksies en onsekerheid van uitbetaling en was te min.(2)

In Julie is 'n massavergadering deur die „Transvaal National Union" gereël, om te protesteer teen die verpligte kommandodiens van die vyf uitlanders in die oorlog teen Malaboch.(3) Daar het Leonard in 'n toespraak teen die stap geprotesteerd, waardeur die bevolking van Johannesburg opgesweep is.

Met die Volksraadsitting van 1894 is die uitlanders se versoek om beter subsidie, soos in Johannesburg in Maart 1894 gereël, ter tafel gelê. Buiten die goedkeuring van toelaes en die voorstelling van 'n gemiddelde het die Regering nie verder gehoor gegee aan die memorie nie.(4) 'n Afvaardiging, van Engelse ouers is na Pretoria gestuur om op die noodsaaklikheid van onderwys deur middel van beide Hollands en Engels te wys. 'n Poging is weer aangewend om 'n toelac vir alle skole te kry, dog sonder sukses.(5) So het die pogings in die jaar 1894 ten einde geloop, maar die uitlanders het nog nie tou opgegooi nie.

Ander/

(1) Standard and Diggers News, 19 Junie 1894.

(2) Ibid.

(3) a. Star, 1<sup>4</sup> Julie 1894.  
b. Hillier: Raid and Reform, 42-43.

(4) Not. V.R., 7 Sept. 1894, Art. 1618.

(5) Star, 3 September 1894.

Ander planne sou nog beraam word. Die planne het konkrete vorm in die stigting van die uitlanderraad van Opvoeding aangeneem.

#### 6. „The Council of Education," Witwatersrand.

Die Skoolwet het dit vir die uitlander moeilik gemaak om staatsondersteuning vir sy skole te kry. Skole wat vroeër subsidie ontvang het, moes dit prysgee. Nou is daar gevoel dat, nadat President Kruger herkies is en geen verandering sou intree nie, hulle maar hul eie liggaam moes stig om die skole van die uitlanders aan te help. Die „National Union" het hom daarvoor beywer, sodat in 1895 'n liggaam gestig is om die werk te behartig.

Op 'n vergadering wat op 29 Maart deur die „National Union" gereël is, het H.S. Caldecott, wat voorheen op 'n direksievergadering van die Booysens Hotel Kie. opmerkings oor onderwys in Johannesburg gemaak het, 'n rede gevoer oor „Our Boys and Girls." Hy het geskat dat daar omtrent 15,000 kinders in Johannesburg tussen die ouderdomme van 5 en 16 was, waarvan net omtrent 2,000 in skole was waar hulle grotendeels elementêre onderrig ontvang het, weens die min geld wat deur die Regering aan onderwys bestee is. Geld is deur die Onderwysdepartement toegestaan, maar die Engelse gemeenskap in Johannesburg het dit uiters moeilik gevind om daarvan gebruik te maak.(1) „The result is that a great army of children, the mothers and fathers of future generations were growing up almost totally instructed except in the brutal arts of prize fighting and safe cracking." Hy stel voor dat die tyd vir hoër inrigtings, soos 'n mynskool en universiteit aangebreek/

---

(1) a. Standard and Diggers News, 3 April 1895.  
 b. Star, 30 Maart 1895.  
 c. Council of Education: History of Council 1895 - 1916, 5.

aangebreek het. Hy het voorgestel: „I want Johannesburg to say: 'We shall support our present voluntary schools, and we shall establish and maintain an aided or free elementary education (as circumstances require) in which the principle medium of instruction will be the English language.'” Verder is voorgestel dat £250,000 ingesamel moes word om die doel te bereik. Chas. Leonard het toe 'n vurige politieke toespraak afgesteek, so erg, dat die redakteur van die „Standard and Diggers News” gevoel het dat hy verkoning moes maak vir sy bewering, dat die Regering Hollanders van al die kinders in die Republiek wil maak.(1)

Die subsidies wat aan skole uitbetaal sou word wat van die Besluit gebruik gemaak het, sou na 1 Julie gestaak word, want die besluit was alleenlik vir drie jaar van krag.(2) Baie van die Engelse skole het nou op leiding van die nuwe onderwysbeweging gewag.

(a) Stigting van die „Council of Education.”

'n Vergadering is weer op 29 April 1895 in die Vrymesselaarsaal in Johannesburg gehou om die suggestie van Caldecott uit te voer. Nadat die voorsitter na die toespraak van Caldecott verwys het, het hy Chas. Leonard gevra om die mosie voor te stel. Hy het eers sy teleurstelling uitgesprek om so min teenwoordig te sien en daarna die volgende voorgestel: „Resolution: Whereas it is manifest that the education of the constantly growing number of youth in Johannesburg is being neglected owing to the fact that the state, whose duty it is to care for the intellectual wellbeing of the children who will become the future citizens of the state has established a system/

(1) Standard and Diggers News, 4 April 1895.

(2) Ibid., 25 April 1895.

system of education totally inadequate to the circumstances of the population and totally unsuited to its traditions. The inhabitants of Johannesburg in public meeting assembled hereby pledge themselves, in the interests of the thousands of children of all classes who are growing up around them, and on whom the future prosperity and character of the state depends. To establish and support a system of voluntary education suited to all nationalities and creeds, with a single desire of conferring upon the coming race the teaching and tuition which will be calculated to make them worthy and enlightened citizens of a good community.(1)

That with a view to carrying out the objects of the first resolution a Council of Education consisting of the following members, viz: -

Lionel Phillips, Hon. John Tudhope, H.S. Caldecott,  
 Dr. Hillier, T. Reunert, H.B. Marshall,  
 W. Percy Fraser, Chas. Leonard, W.H. Rogers,  
 J.G. Auret, H.J. Hofmeyr, Abe Bailey,  
 J.L. van der Merwe, Carl Jeppe, W. Bertram,  
 E. Hancock, F.J. Newnham, Sydney Farrar, E.H. Dunning  
 whose duty it should be to establish a fund for the support of the scheme proposed and to frame a constitution in terms of which the fund shall be administered through such Council of Education."(2)

Met die kom van die spoorweg in 1894 het vreemde-linge hulle nog na Johannesburg gehaas. Onderwys-toestande het vir die Engelssprekende moeilik geword. Statistieke deur Robinson aangehaal, dui aan dat daar in 1891 99 dorpskole was. In 1893, na die wet van Mansveld

in/

(1) a. Standard and Diggers News, 30 April 1895.  
 b. De Volkstem, 30 April 1895.

(2) Ibid.

in werkung getree het, was daar 59. Amper 40% van die dorpskole het verdwyn en hulle was hoofsaaklik skole wat deur Engelssprekende leerlinge in Johannesburg en elders bygewoon is. Sommige van die privaat inrigtings het van die leerlinge oorgeneem. Die meeste van hierdie inrigtings was van 'n avontuurlike aard wat as winsgewende besighede beskou is. Dic groei van die bevolking het sake heelwat vererger en dus het die "National Union" opgetree.(1)

Geld is vir die werk ingesamel wat deur die Raad verrig sou word. £5,000 is deur die magnaat H. Eckstein deur sy plaaslike verteenwoordiger L. Phillips aangebied.(2) Altesaam is daar oor die £7,000 vir die werk ingesamel.(3)

Terwyl die Raad sy planne geformuleer het, het die "Standard and Diggers News" probeer aandui hoe hulle te werk moes gaan deur wenke aan die hand te doen. Die redakteur van die blad het gevra dat die Raad nie te hoog moes vlieg en te spandabel moes wees met die fondse tot hulle beschikking nie, anders sou hulle nie veel ondersteuning van die publick ontvang nie. Eers moes 'n sensus van die leerlinge tussen die ouderdomme 6 en 13 jaar opgeneem word. Geen planne vir hoër onderwys behoort 'n plek in die planne van die Raad te vind nie aler gesonde elementêre onderwys aan die duisende kinders verskaf is, wat weens verwaarloosing of armoede geen kans daartoe het nie, en dus as volwassenes later geen plek of werk in Johannesburg sal vind nie.(4) Die volgende dag is aangeraai dat die geld, sover ingesamel, belê moes word en net rente/

(1) Sec. Tvl. Adm. 1027, Robinson J.: Sketch of the History of Educational Work in the S.A.R.

(2) Standard and Diggers News, 30 April 1895.

(3) Sec. Tvl. Adm. 1027, Robinson J.: Ibid.

(4) Standard and Diggers News, 11 Julie 1895.

rente vir die verwesenliking van hulle doel gebruik moes word. Hulle moet onderrig nie aan welgestelde nie, maar eerder aan die massas verskaf.(1) Min is deur die myne tydens die geweldige uitbreiding gedoen wat op die toe-passing van die siaanproses gevvolg het. Tot 1895 het die nuwe nywerheid nie tyd gehad om hom met die opvoeding van kinders te bemoei nie. Pells vergelyk die toestand met dié in Engeland aan die begin van die 19e eeu, tydens die omwenteling wat deur die ontwikkeling van masjinerie veroorsaak is.(2)

Die Raad het toe besluit om 'n Direkteur-Generaal (wat die werk van sekretaris en tesourier sou verrig) aan te stel en dat die Directeur-Generaal 'n skema moes opstel waarvolgens elementêre skole op en om die Witwatersrand gestig kon word, asook twee of meer hoërskole met die nodige koshuisinrigtings vir seuns en meisies.(3) Ook is 'n „Syndic" of Uitvoerende Komitee, bestaande uit sewe lede, aangestel om weekliks byeen te kom. Hulle sou weer maandeliks aan die Raad verslag van hulle beslissinge doen.(4) Na 'n vergadering gereël op 16 Augustus is die planne vir 'n hoërskool laat vaar, moontlik as gevolg van die raad van die „Standard and Diggers News" en hulle aandag is geheel en al gevëstig op laer onderwys, hoofsaaklik vir kinders om die myne, omdat hulle minder kanse gehad het as die wat in dorpe woon.(5) Robinson is ook op die vergadering vir 'n jaar vanaf 1 September 1895 as Directeur-Generaal aangestel. Na sy aankoms het Robinson onmiddellik byna al die myne op en om die Witwatersrand besoek en

'n interim/  
—

(1) Standard and Diggers News, 12 Julie 1895.

(2) Pells: The Story of Education, 63.

(3) Standard and Diggers News, 14 Julie 1895.

(4) a. Ibid.

b. Council of Education: History of Council, 6.

(5) Standard and Diggers News, 17 Augustus 1895.

'n interim-rapport op 13 September 1895 ingedien. Hy het ook dele van Johannesburg besoek en was ontstel oor die toestande in Brickfields. In die skole wat hy daar besoek het, het hy gevind dat onderwysers met onmoontlike getalle leerlinge gewerk het.(1) Die „Standard and Diggers News" het met sy advies oor en kritiek op die huidige onderwysstelsel voortgegaan. Hy het teen die feit beswaar gemaak dat kinders met Afrikaanse vanne, (volgens die Volksraadbesluit) nie subsidie in Engelse skole kon ontvang nie.(2) Onderwysers in die privaat-skole was oor die algemeen beter gekwalifiseerd as dié in die Hollandse skole om hul taak te verrig.(3) Om sy saak te sterk insake die onderrig van Engels het hy die ou argumente aangevoer dat die gebruik van Hollands in gesubsidieerde skole die patriotiese gevoel aangemoedig het. In die Transvaal was daar weer mense wat eerder Engels as Hollands praat. Selfs amptenare van die staat was met die onderwysstelsel ontevrede en het hul kinders elders gestuur om onderrig te word.(4) Robinson het sy rapport op 11 Oktober by sy Raad ingedien.(5) In die rapport het hy duidelik uiteengesit wat met die Raad van Opvoeding beoog word.

(b) Rapport van John Robinson.(6)

Die Raad van Opvoeding sou strewe om: -  
deeglike laer onderwys aan kinders van mynwerkers  
te/

(1) Standard and Diggers News, 14 September 1895.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 3 Oktober 1895.

(4) Ibid.

(5) Die Rapport wat Ploeger in sy proefskrif: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R. gee is die van Robinson wat op 13 Oktober 1894 voorgelê is en nie in September nie. Hy verwierp die Rapport met die Interim-rapport wat ingedien is.

(6) Standard and Diggers News, 16 Oktober 1895.

te verskaf; inder gevorderde laer onderwys in die armer dele van die stad bv. Brickfields, te verskaf; ten minste twee hoërskole vir seuns en meisies op te rig wat met die beste inrigtings in die Kaap gelyk staan; sekere bestaande skole wat goeie werk lewer, geldelik te ondersteun. Skole op myne sou ondersteun word omdat hulle ver van die dorpe geleë is. Van die 1,756 kinders wat op die mynpersele gewoon het, het nie een-derde onderwys ontvang nie, omdat daar geen skole in die onmiddellike nabijheid was nie, of omdat die onderwysers as onbevoeg deur die ouers beskou is, of omdat die enigste naaste skool 'n gesubsidieerde was. Die skole van Johannesburg het Robinson meestal in kerkgeboue en kamers van woonhuise gehuisves gevind, waar skoolbanke en die nodige toerusting ontbreek het. Ouers het gevoel dat hulle hul kinders nie meer as twee of drie jaar onderwys kon laat gee nie en nie die tyd, wat vir waardevolle vakke gebruik kon word, kon laat bestee om 'n tweede taal, wat vir hulle vreemd is, aan te leer nie.

Na die oorsig van die myne gec Robinson 'n oorsig van die stad. In die wyke Ferreiraasdorp en Fordsburg het hy minstens 800 kinders aangetref wat geen onderwys geniet nie. Deur daarby nog 'n groot aantal te voeg wat in dameskooltjies onderrig is<sup>(1)</sup>, kan die Raad daarop reken dat ongeveer 2,000 arm kinders onderrig sou moes word. Om hiordie kinders te help, is aanbeveel om 'n skool vir behoeftige kinders (nie met die naam nie) in Brickfields op te rig, waar die kinders kosteloos onderrig sou word,

daar/

(1) "A common type (of school) was a collection of children numbering from 20 to 40, and of varied attainments, crowded into a single room of a dwelling house and presided over by a lady who had found schoolkeeping more lucrative than dressmaking, but who would have been sadly puzzled to pass a 5th standard examination."

Sec. Tvl. Adm. 1027, Robinson: Sketch of the History of Educational Work in the S.A.R.

daar baie van hulle nie skool toe gaan nie, omdat hulle ouers nie die skoolgeld kon bekostig nie. Ook in Brickfields behoort 'n tweede skool gebou te word, waar wel skoolgeld betaal sou word. Die armskool van Mej. Holmes-Orr in Brickfields behoort ondersteun te word. Die twee skole sou Hollands as voertaal gebruik. Robinson is teleurgestel om te vind dat daar nie een hoërskool in Johannesburg is nie en dat enige seun of dogter wat sekondêre onderwys wil geniet, elders moes gaan. Die hoërskole wat gebou sou word, sou spesiale aandag aan die wetenskappe bestee en aan die verscistes van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of 'n toekomstige Mynskool (School of Mines) voldoen. Vir die meisies is 'n hoër meisieskool aanbeveel. Die heer Barnato het 'n belofte gedoen om een of albei hoërskole te bou.

Verder is aanbeveel om 'n spesiale fonds in die lewe te roep op die salaris van onderwysers van noodlydende skole, wat opbouingswerk verrig, te verbeter, asook om ondersteuning te verleen aan sektariese skole wat die leerplan van die Raad volg. Aandklasse sou ook ingestel word om algemeen vormende en tegniese onderwys te verskaf. Ander skole sou van advies gedien word.(1)

Die skema sou £6,000 kos en planne is beraam om die Kamer van Mynwese in die werk te interesseer. 'n Skaal van belasbaarheid is opgestel waarvolgens elke myn, wat onder die beheer van die kamer gestaan het, gevra is om 'n som by te dra sowel as 'n jaarlikse bydrae.(2) Die nuusblaaie van Johannesburg het die rapport verwelkom en het op die uitgebreide aard van die rapport gewys. Hier

was/

(1) a. Standard and Diggers News, 16 Oktober 1895.  
b. Sec. Tvl. Adm. 1027, Robinson: Sketch of the History of Educational Work in the S.A.R.  
c. Council of Education: History of Council, 5.

(2) Ibid.

was geen teken van preutsheid of nougesetheid nie, geen teken van selfverheerliking of strewe na mag nie. Skole van alle soorte is ondersteuning beloof, selfs Hollandse skole. Hier is geen vyandskap getoon nie, het die "Standard and Diggers News" gesê.(1) Die toestande soos uiteengesit deur Robinson het dit noodsaaklik gemaak om met die skema aan te gaan, alhoewel hulle dit teen die end van 1895 taamlik onstuimig in Johannesburg gevind het.(2) Net na die vergadering waarop Robinson se skema en rapport goedgekeur is, is 'n onderhoud gereël waarin hy weer 'n opsomming van sy rapport gegee het. Hy het melding gemaak dat onderwysors van Engeland gewerf sou word.(3) Robinson se rapport het net bevestig wat algemeen oor die toestand van die onderwys geglo is. Toestande soos deur hom beskryf was egter nog erger as wat verwag is. Toestande in die skole het opspraak verwek. Die "Star" het gevoel dat die skema van Robinson 'n praktiese en redelike was.(4) Bydraes het vinniger ingekom, sodat die Raad nie die nodighoid gevoel het om om hulp by die Regering aan te klop nie.(5) Die "Standard and Diggers News" het aan die hand gedoen dat Mansveld die wenke van Robinson sou volg.(6) Mansveld se teenstanders het goed van die geleentheid gebruik gemaak om hom aan te val. Hulle het gewys op die gemeenskap van Johannesburg wat ryker is as die Z.A.R. en wat ook nie goedgesind teenoor die Z.A.R. is nie.

Intussen het die "Syndic" saam met 'n prokureur,

W.F. Lance/

(1) Standard and Diggers News, 1<sup>st</sup> Oktober 1895.

(2) Council of Education: History of Council, 1 - 6.

(3) Standard and Diggers News, 16 Oktober 1895.

(4) Star, 17 Oktober 1895.

(5) Ibid.

(6) Standard and Diggers News, 19 Oktober 1895.

W.F. Lance, aan 'n konstitusie vir die Raad gewerk, waarvolgens die gelde gadministreeer sou word.

(c) Konstitusie van die „Council of Education.”

Die „Council” wou graag sy status in die Republiek definieer om homself te beskerm. Die dokument is op 24 Desember 1895 geteken, waarvolgens die „Council of Education Witwatersrand” wetlik as 'n organisasie gekonstitueer is om die fondse wat aan hul sorg toevertrou is, aan onderwysdoeleindes te bestee. Die regte van die Raad is soos volg uiteengesit: - (1)

„It shall be lawful for the Council:

(a) To acquire, accept, possess, and administer, (including realisation and re-investment) in terms of the provision of this deed, and moneys, property (movable and immovable) or rights, which may from time to time be transferred, delivered, bequeathed, given or granted to the Council by any private individual or individuals, company, municipal, or local authority, or by any Government, provided that such property be not burdened by any condition or stipulation inconsistent with the provisions of this deed. or of any regulations framed under it.

(b) To accept, possess and administer (including realisation and re-investment) any moneys, property (movable or immovable) or rights which may from time to time be transferred, delivered, bequeathed, or given to it as aforesaid for the benefit of any one or more special schools or class of schools, or for the promotion of any particular branch or branches of education, provided that the conditions attached to the use and administration of such property be not inconsistent with the provisions of this deed, and any regulation framed under it."

Die/

Die werk waaraan die Raad die fondse, soos wat hulle verkry het, sou bestee, is die volgende:

- „(a) The erection and support of public schools of all grades founded by the Council, and conducted under the provisions of its general regulations;
- (b) The erection, support, or assistance of schools in respect of which property has been acquired under the circumstances set forth in subsection (b) of paragraph 2 of this Deed;
- (c) The support or assistance of any school not founded by the Council, but which may at any time hereafter be taken under its administration and supervision, in accordance with regulations framed under this Deed;
- (d) The support or assistance of any school of mines or technical educational institution;
- (e) The endowment of bursaries and scholarships in any University or educational institution; either in the South African Republic or elsewhere;
- (f) The support and assistance of night schools;
- (g) The payment of salaries, fees, or honoraria to such special 'Syndics' or committees, consisting of members of the Council, inspectors, teachers, or other servants, as the Council may from time to time find it necessary to employ;
- (h) The necessary administration of business and property of the Council;
- (i) The encouragement of education within the area of the Council's operations by any means not contrary to the provisions of this deed, or of any regulations framed under it."(1)

Die dokument is getekon deur Lionel Phillips,  
H.S. Caldecott, T. Reunert, J. Tudhope, Chas. H.B. Leonard,  
E. Hancock/

---

(1) Council of Education, Witwatersrand: Constitution and Rules of Order.

E. Hancock, C. Jeppe, Abe Bailey, H.B. Marshall,  
 H.J. Hofmeyr, S.H. Farrar, B. Bertram, W.H. Rogers,  
 J.G. Auret.(1) Heelwat van die here was lede van die  
 „Reform Movement,” gestig deur die Transvaal „National  
 Union” en het die dokument in die Pretoriase tronk geteken.  
 Die wat in die tronk geteken het, was Leonard, Phillips en  
 Farrar.(2) Die dokument is in Pretoria gedurende Maart  
 1895 deur die Z.A.R. geregistreer.(3)

#### 7. Die Volksraadsitting 1895.

Toe die Volksraad sy sitting in Augustus 1895 gehad het, is daar die gewone getal memories ter tafel gesle insake veranderinge in die onderwyswet.(4) Na 'n warm bespreking is 'n onderwyskommissie in die lewe geroep om die vraagstuk van moontlike veranderinge na te gaan. Op 5 Oktober 1895 het hy sy rapport ingedien en die enigste waardevolle aanbeveling wat die kommissie ingedien het, was om aan te beveel dat die Besluit wat in Junie 1892 geneem is, nl. om subsidies aan Engelse skole waar Hollands nie die voertaal is nie, drie jaar te verleng.(5) Die aanbeveling is goedgekeur.(6) Die verslag van Mansveld het indirek na die pogings van die Engelse verwys om meer regte vir hulle taal te kry. Verwysende na die werk van die „National Union” en „Council of Education” sê hy: „Blykbaar word het verder bevestigd door wat, ik verneem, onlangs in die dagbladen te Johannesburg openlijk is/

(1) a. Council of Education, Witwatersrand: Constitution and Rules of Order.  
 b. Council of Education: History of Council, 6.

(2) Council of Education: History of Council, 6.

(3) Ibid.

(4) Ploeger: Onderwys en Onderwysbeleid in die S.A.R., 262.

(5) Not. V.R. 5 Oktober 1895, Art. 1512.

(6) Not. V.R. 5 Oktober 1895, Art. 1513.

is voorgegeven, dat de Engelsche werklieden er een 'onoverkomeljk objectie' tegen hebben, hun kinderen 'Dutchmen' te zien opleiden. Deze objectie zou nog enigzins te billijken zijn, wanneer zulke kinderen gedwongen werden naar scholen te gaan, waar alleen Hollandsch door middel de Hollandsche taal geleerd werd; maar wanneer men bedenkt dat het hier bedoeld besluiten aan school besturen en onderwijzers volkomen vrijheid laat, het onderwijs voor eigen zin en wensch in te wachten, dat het medium van onderwijs op zulke scholen geheel wordt vrijgelaten en alleen verwacht wordt, dat de leerlingen van zulke scholen, voldoende vorderingen in de kennis der landstaal zullen maken om zoodoende voor de speciale subsidie onder dit besluit toegestaan in aanmerking te kunnen komen, dan kan men mijns inziens tot geen andere gevolgtrekking komen dat men hier met loueren onwil te doen heeft."(1) Hy meld verder dat die uitlanders se leuse is dat die kennis van beide tale vir alle Transvaalse kinders volstrek noodsaaklik is, sodat die kinders gedwing sal word om twee tale te ken tot die gemak van die vreemdelinge "ten einde de kinderen van de latere inkomelinge van de moeite om het Hollandsch te leer en te ontslaan, en hen daardoor in staat te stellen al hun tijd onverdeelde te besteden aan het verwerven van de kundigheden die zij weten voor hun toekomstige maatschappelijke loopbaan te behoeven en waardoor zij eenmaal de meerderen en dus de beheersers van de kinderen onzes volks zullen zijn."(2) Hy voel dat die Volksraad nie meer toegewend kan wees nie. Die besware wat deur "politieke raddrainers en stokenbranden" ingedien is moet tegewerk word.(3)

S. Die Jameson

(1) Onderwysverslag oor die jaar 1894, 10.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

8. Die Jamesoninval.

Uitlanderontevredenheid het begin na die eerste Vryheidsoorlog, toe die Engelse hulle onder die Regering van Afrikaners bevind het na die teruggawe van die Transvaal. Die ontevredenheid met hul toestand is duidelik geuit met die stigting van die Transvaal „National Union.” Die „Union” het 'n monsterpetisie opgestel, geteken deur 38,500 mense wat aansoek om stemreg gedoen het.(1) Die petisie is nie aangeneem nie. Die ontevredenheid wat geheers het, het die simpatie van die opposisieparty gehad.(2) Die Engelse het besef, nadat hul petisie van die hand gewys is, dat hulle nooit enige regte volgens konstitusionele weë sou verkry nie. Reëlings is deur Rhodes en leiers van die Kamer van Mynwese en die „National Union” getref. Daar is gevoel dat as die Jamesoninval plaasvind, die hele Suid-Afrika en die wêreld met hul doel sou simpatiseer. Almal het gevoel dat 'n ongemaklike tyd aangebreek het. Baie het die „Reformers” beveel om na Pretoria te gaan en hul regte te eis. Hulle het besef dat as daar planne beraam is om hulp van buite die Republiek te kry en dit slaag nie, hulle saak vir altyd verlore sou wees. 'n Plan is in Oktober 1895 beraam toe van die „Reform Committee” (Lionel Phillips, Hammond, Chas Leonard en Col. Frank Rhodes) in Groote Schuur byeengekom het, om die saak te bespreek. Na Jameson Johannesburg in 1895 besoek het, is die reëlings finaal getref. Jameson sou die grens oorsteek terwyl die gewapende Johannesburgers hom sou ontmoet.(3)

As voorbereiding is 'n Manifes deur Chas. Leonard  
in/

(1) a. Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Z.A.R., 621.  
b. Hillier: Raid and Reform, 45.

(2) Hillier: Op cit.

(3) Ibid., 50.

in „The Star” gepubliseer wat die onregte en politieke tekortkominge van die vreemdelinge uiteengesit het.(1) Die beraamde planne kon nie na wense uitgevoer word nie, en weer is besluit om die inval uit te stel. Jameson wou hom nie by die jongste instruksies hou nie, met die gevolg dat die hele skema skipbreuk gely het. Toe gehoor is dat Jameson op pad is, is haastiglik voorbereidings getref om die stad te beheer. Die hele skema het misluk, maar het ernstige gevolge meegebring. Die uitlanders is die swye opgeloë. Hulle was vreemdelinge en het hulle te veel regte toegeëien. Vir Johannesburg is dit van belang dat die aandag van die Regering op die stad en sy probleme gevestig is. Planno is beraam om toestande te verbeter, maar die Afrikaner het die uitlander as gevaarlik beskou. Die Republiek het sy verhouding met die Oranje-Vrystaat verbeter in geval van moeilikheid. Johannesburg is self 'n skoolraad en staatskole aangebied om te help om die grieve uit die weg te ruim.

#### 9. Die Houding van die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die kerk was nie ingenome met die Mansveld-wet nie, wat hom die reg ontnem om skole wat deur die staat gesubsidieer moes word, te stig. Sy skool, die Opvoedings-instituut, het in 'n publieke skool verander met Hollands as voertaal. Ds. Martins doen soos volg verslag aan die Ringsvergadering wat op 11 November 1895 gehou is: - „Gelyk algemeen bekend is, is de opvoeding in en om Johannesburg in geen bevredigenden toestand. De Directeur-Generaal van den onlangs opgerichten Raad van Opvoeding rapporteer na behoorlijk onderzoek dat in de Brickfields en aangrenzende deelen er minstens 800 kinderen zijn, die nergens ter school gaan, en (voegt hij er bij) waarschijnlik is 't juister getal tweemaal zoo veel.

Dit/

---

(1) Star, 26 Desember 1895.

Dit getal tezamen met hen die kleine geschikte en ongeschikte scholen bezoeken zou dan tot 2,000 arme kinderen stijgen, in meer behoorlijke opvoeding voorziening moet gemaakt worden, en de overgroote meerderheid van dezen zijn de kinderen van onzer gemeente. In de tegenovergestelde richting van: in Bertramville en Troyeville zijn er ook een met gering aantal arme kinderen, wier opvoeding ook verwaarloosd wordt. Ter verontschuldiging zeggen de ouders dat zij niets alleen met de schoolgelden betalen kunnen, maar zij hebben de kinderen noodig om de leeftocht te helpen verdienén.

Als 't gevaar in geval der armen gehcele verwaarloozing is, dat bestaat 't byna evengroote gevaar voor de kinderen der meer gegoden, dat zij onder den invloed der Roomschen komen en wel door middel van de scholen dezer laatsten. De onderwijs wet is in haren tegenwoordigen vorm zoo ongeschikt voor de bevolking van Johannesburg, dat de publieke school in verband met de gemeente niet wedijveren kan met de Roomschen scholen, cene waarvan omtrönt 430 leerlingen heeft, en ander dezen zijn een met klein getal de kinderen der gemeente. De Directeur-Generaal bovengenoemd zegt aangaande deze buurt: 'Het zou moeilijk zijn om in de achterbuurten (slums) van de dicht bevolkte onzer Engelsche steden in een evengroote oppervlakte zooveel aanvankelijk ongeluk en misdaad te vinden.'"(1)

Dieselfde grief is deur ds. A.P. Kriel in sy godsdienstverslag geuiter: Dic saak van opvoeding word deur veel nodelose omslagtighede vertraag. „Met zooveel geld door de H. Ed. Regeering voor die zaak toegestaan, moest het niet meer noodig zijn dat de Zuid-Afrikaansche Republiek

zijne/

---

(1) Godsdienstverslag 1894 - 1895 van die gemeente Johannesburg geteken op 4 November 1895.

zijne zwaarden, de jongelieden bij den Vrijstaat de Kolonie, om niet te zeggen bij de Philistijnen, de Roomsche Marist Brothers te laten scherpen. Door de eenzijdige schoolwet in willekeurige administrative van het onderwijs departement worden de zonen en dochteren des lands, aan hun Vaderland en volk ontvreden door elders te worden opgeleid."(1)

#### 10. Samevatting.

##### (a) Dr. N. Mansvelt as Superintendent van Onderwys.

Daar is 'n goede begin teweeg gebring met die aanstelling van ds. S.J. du Toit in 1881. Daar het egter kort daarna reeds 'n laksheid ingetree. Eerw. J.T. Darragh het reëlings met ds. S.J. du Toit getref waarvolgens staatstoelae aan skole met Engels as medium betaal sou word. Sy opvolger, H. Stiemens, het met die beleid voortgegaan. Daar is van staatsweë gevoel dat 'n beter onderwysstelsel vir die Republiek geskep moes word. Prof. N. Mansvelt is aangestel en het onmiddellik na sy ampsaanvaarding die onderwyswet van 1882 stiptelik toegepas. Hy het gestreve om 'n christelike en nasionale onderwysstelsel te skep, sodat die landstaal kon seëvier.

##### (b) Wetgewing 1892.

Mansvelt het besef dat die Du Toit-wet nie meer aan sy doel beantwoord nie, derhalwe het hy sy eie onderwyswet deur die Volksraad laat goedkeur. Die wet sou onderwysfasiliteite aan die seuns en dogters van die burgers van die staat verskaf. Vir die uitlanders is daar 'n spesiale besluit geneem om hulle aan te moedig om die landstaal aan te leer nie. Die besluit was nie 'n

deel/

(1) Verslag van den staat van godsdienst in de gemeente Langlaagte 1895, getekend op 5 Oktober 1896.

deel van die onderwyswet nie, want dit sou net drie jaar van krag wees.

(c) Invloed van die Wetgewing.

Mansveld het die nuwe onderwyswet streng toegepas. Hy het alle skole wat teenstrydig met die wet gereël is, ontmoedig deur subsidie te weier. Meeste van die skole wat nie aan die eise van die wet kon voldoen nie, was in Johannesburg. Hierdie skole is genoodsaak om te sluit. Die Engelse taal was die heersende handelstaal van die Goudstad. Kennis van Engels het werk beteken in die stad, sodat skole wat die taal onderrig het, verseker van baie leerlinge was. Die inspeksie van F.P. Crots het die terugtrekking van baie subsidies veroorsaak. Sommige skole met Hollands as voertaal het onder die Volksraadbesluit geressorteer, omdat hulle nie aan die eise van die onderwyswet kon voldoen nie. Die skole wat gedurende hierdie tyd staande gebly het, het dit moeilik gevind om 'n bestaan te voer.

(d) Optreden van die Uitlanders.

Die uitlander, wat nou meer gevestig geraak het, het gevoel dat die staat nie voldoende voorsiening vir die onderrig van sy kinders maak nie. As belastingbetalers het hulle geldelike ondersteuning vir hul skole geëis. Petisies is aan die Volksraad ingedien, dog sonder sukses. Onder die invloed van die meer gegoede verteenwoordigers van die mynmaatskappye is daar 'n „Council of Education" in die lewe geroep. Die doel van hierdie liggaam was om die onderwys van die Engelssprekende kind te behartig. Die Raad het 'n doel van die uitlander se agitasie vir meer politieke regte gevorm. John Robinson, die Direkteur van Onderwys van die „Council," het duidelik getoon dat daar baie kinders in Johannesburg en op die

Witwatersrand was vir wie daar geen opvoedkundige geriewe beskikbaar was nie. Terwyl die "Council" nog planne beraam het om beter onderwysfasiliteite te skep, het die Jamesoninval gelyktydig met die onluste in Johannesburg plaasgevind. Dic moeilikhede was die begin van 'n spannende tydperk toe daar verder deur die uitlander gestreve is om seggenskap in die regeringsvorm van die Z.A.R. te kry.

(c) Skole in Johannesburg.

Toe Johannesburg meer gevestig geraak het en nuwe mynprosesse uitgevind is, het die dorp en mynkampe uitgebrei. Orals is nou stadsgebiede aangole en sodra daar voldoende inwoners te vind was om 'n skool te regverdig, is 'n skool geopen. Die skole in die oostelike deel van Johannesburg was merendeels Engels, terwyl dié aan die westelike deel merendeels Hollands was. Die invloed van die twee paaie na Johannesburg het hier weer hulle invloed laat geld. Alhoewel geen voorsiening vir nie-blanke onderwys deur die staat gemaak is nie, het die Anglikaanse kerk 'n skool vir klourlinge, nie-blankes en blankes in Fordsburg geopen, nl. St. Cyprian's.

Van die skole het goeie werk gedoen maar die algemene indruk wat verkry is, was dat die skole beskou is as winsgewende besighede waaruit die onderwyser 'n bestaan kon maak. Skole wat subsidie van die Republiek ontvang het, moes derhalwe gedurig daarvoor sorg dat hulle die inspekteur kon tevrede stel. Die vernaamste kritiek wat gedurende dié tyd teen al die skole gelewer is, was dat hulle te veel tyd aan Engels bestee het, sodat die taal 'n onregmatige plek in die leerplan ingenem het.